

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND

DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# Jaarverslag 2021

# Gemeenskapsontwikkeling dra ewigheidswaarde



# Inhoud


FLIP BUYS 2
LYNETTE BEER 4
HANNES NOËTH 6

**Solidariteit Helpende Hand** 8

**Maatskaplikewerkdienste** 10

**Ons Winkels** 12

**Studietrust** 14
Gefokusde projekte en veldtogte 15

**Navorsing, programme en opleiding** 17

**Josef Silo's** 22

**Orania** 24

**Kommunikasie-afdeling** 26

**Mediahoogtepunte** 28

**Nasionale projekte** 30
Bemagtig-'n-kind 30
Kosblikkieprojek 31
HelpJag-projek 32
Skooltassieprojek 33
Tekkies & Toks-projek 34
Legendes 35
FroueVonds 36
Droomrokke 38
Boesemvriendinne-projek 38
HelpHetta-projek 39
Seniors-in-aksie 41
HelpHoor 42
Tuisversorging 43
StopHonger 44
Projekte saam met Finesse Voelgoed 46
Life Esidimeni 48
Omgeemark 51

**Finansies** 52

**Menslike hulpbronne** 53

**Nasionale takke** 54
Nasionale tak vir Akademia-studente 54
Nasionale Motorfietsklub 56
Nasionale tak vir persone met gehoorgestremdhede 58

**Ons Plekke en Ons Sentrum** 60
Ons Plek Suidkus 60
Ons Plek Strand 62
Ons Plek Volksrust 64
Ons Plek Derdepoort 65
Ons Sentrum 66

**Bewegingskakeling en ledewelstand** 68

**Streke** 72
Wes-Kaap 72
Oos-Kaap en KZN-Suid 73
Mpumalanga en KZN-Noord 74
Vrystaat 76
Noordwes 77
Noord-Kaap 79
Wes-Rand en Vaaldriehoek 81
Oos-Rand 82
Pretoria 84
Pretoria-Oos 86
Sentraal 87
Limpopo 89

**'n Gebed vir ons beweging** 90

**Bedanking** 92


# Solidariteit werk aan volhoubare voorspoed

Die Solidariteit Beweging se strategie is om aan volhoubare oplossings te werk in plaas daarvan om net te kla oor die krisisse wat ander veroorsaak. Ons leef in ’n land met talle uitdagings. Die grootste hiervan is dat die staat stelselmatig verval weens die regering se wanbestuur en straflose korrupsie, wat die burgers van die land se vryheid, veiligheid en voorspoed in gevaar stel.

Die uitdaging is dat die spoed en omvang van die staatsverval mense moedeloos en magteloos laat voel. Dit lei daartoe dat baie mense net kla oor dinge waaraan hulle niks kan doen nie in plaas daarvan om te werk aan dinge waaraan hulle wel iets kan doen.

Ons beweging is die afgelope jare opgebou omdat ons voorsien het dat daar grootskaalse staatsverval gaan kom en dat die opbou van sterk Helpmekaar-gemeenskapsinstellings die enigste antwoord op hierdie verval is. Dit is nie maklik om staatsdienste te lewer sonder staatsinkomste en staatstrukture nie. Daar is egter nie ’n ander keuse vir mense wat nie net agteruitgang wil probeer keer nie, maar wat aan vooruitgang wil bou.

Daarom het ons begin om die kulturele infrastruktuur op te rig wat nodig is om op volhoubare wyse as gemeenskap voort te bestaan. Ons leuse is “ons sal self”, maar ons sal ook saam met ander werk wanneer dit kan. Ons bind nou al meer as 530 000 Afrikanergesinne saam, maar bou waar moontlik ook brûe met ander gemeenskappe wat wil saamwerk.



Flip Buys

*Voorsitter: Solidariteit Beweging*

Die fokus van ons werk is om volhoubare voorspoed te verseker. Dit help nie net om te kla oor die oorsake van armoede, werkloosheid en ellende nie. Ons moet veel eerder fokus op wat nodig is om voorspoed te verseker en sorg dat dit beskikbaar is. Omdat ons voorsien dat daar in die toekoms groot probleme kan ontstaan, het ons reeds met ’n beweging begin.

## ’n Huis waar jy tuis is

Die beweging se bouwerk aan die kulturele infrastruktuur kan met die bou van ’n huis vergelyk word. Niemand bou ’n huis om homself van sy bure af te sonder nie, maar juis sodat hy saam met hulle in daardie buurt kan bly. ’n Huis het verskeie vertrekke, elkeen met sy eie doel. Enige huis het minstens ’n slaapkamer, ’n kombuis, ’n badkamer en ’n sitkamer nodig om werklik ’n tuiste te wees.

Dit geld ook vir die bou van die kulturele infrastruktuur van 'n gemeenskap soos dié van Afrikaners. Daar is "vertrekke" of instellings nodig vir maatskaplike versorging, veiligheid, mense se werk, onderwys, dorpe, opleiding, media, landbou, erfenisbewaring en ekonomie. Daarom bou ons beweging 'n sterk Helpmekaar-organisasie op elkeen van hierdie gebiede en werk ons op ander belangrike gebiede saam met vennote.

Sonder hierdie sterk kulturele infrastruktuur sal ons gemeenskap net so sonder heenkome en dwalend as iemand sonder 'n huis wees – nêrens tuis nie en afhanklik van ander vir basiese lewensmiddele. 'n Kultuurgemeenskap se taak is om die kulturele erfenisse wat hy van die vorige geslagte ontvang het, te bewaar en dit dan deur sy instellings aan 'n volgende geslag oor te dra. Dit is waarom ons nie net op die volgende verkiesing ingestel is nie, maar werk vir die volgende geslag. Ons dink, beplan, werk en bou vir die geslagte wat nog moet kom om 'n toekoms vir hulle ook te verseker.

## Voorspoed

Helpende Hand fokus nie net daarop om armoede te verlig, voorkom en verbreek nie. Ons wil ook saam met die res van die Solidariteit Beweging volhoubare voorspoed verseker deur die omstandighede daarvoor te help skep. Die organisasies van die Beweging werk kliphard daaraan om voorspoed te verseker. Dit behels die beskerming van die regsorde en die markekonomie sowel as die afskaffing van onbillike rassewette.

Ons beveg ook wanbestuur, korrupsie en magsmisbruik. Ons staan sosialisme teë, bevorder goeie rassebetrekkinge, ondersteun Afrikaanse onderwys en opleiding en beskerm ons taal, kultuur en erfenis.

Helpende Hand speel 'n sleutelrol in hierdie reuseprojek om 'n volhoubare toekoms te skep. 'n Gemeenskap se karakter word gemeet aan hoe sy kwesbaarste lede behandel word, daarom gee ons in die besonder aandag aan kinders, bejaardes en mense met gestremdhede. Daarmee saam is daar 'n sterk fokus op gemeenskapsontwikkeling.

Terselfdertyd help ons ook mense om hulleself te help. Die Helpende Hand Studietrust het al duisende jongmense met studiegeld gehelp om hulleself te bekwaam en vir 'n loopbaan toe te rus. Ons glo vas aan selfhelp, en die landswye vestiging van "Ons Winkels" is 'n groot mylpaal op die pad na selfstandigheid vir elke dorp in die land.

Dit is so dat baie van wat vroeër opgebou is, tans vervalle, verlore of oorgeneem is. Dit mag ons nie moedeloos maak nie maar moet ons eerder aanvuur om weer die kulturele ruimtes op te bou wat ons kinders nodig het om volhoubaar hier te leef.

Ons het verlede jaar ten spyte van moeilike omstandighede groot vordering hiermee gemaak en is vasberade om in die nuwe jaar vinniger en verder voort te bou op dié werk.

*Ons wil dit doen, ons mag dit doen, ons kan dit doen, ons moet dit doen, en deur die genade van ons Hemelse Vader sal ons dit doen.*

Hoop. Dit is 'n woord wat ons in tye van swaarkry en uitdaging gereeld hoor. Soms gebruik mense dit soos 'n towerwoord en dan wonder jy of jy dit dalk met 'n inspuiting kan inkry deur dit te bestel of deur te registreer vir die gratis doepa wat jou teen die onheil van môre gaan beskerm.

Wat is hoop? Is dit 'n emosie? Is dit iets waarmee jy gebore word, wat jy geërf of in jou ouerhuis geleer het – of dalk gemis het? Waarom noem Paulus dit saam met geloof en liefde as een van die drie belangrikste dinge in die lewe?

Navorsers het vasgestel dat hoop nie 'n emosie is nie maar 'n manier van dink. Die goeie nuus van hierdie bevinding is dat dit iets is wat jy kan aanleer, oefen en beheer. Wanneer ons van ware hoop praat, is dit nie die soort hoop wat sê "Ek hoop dit gaan 'n beter jaar wees." nie. Dié soort hoop is eerder 'n vae, veilige wens wat jy uitspreek sonder om werklik daarin te glo. (Dit is ook nie danig realisties nie, want ons het al gesien dat dinge erger kan word …)

Nee, die hoop waarvan ons praat, is dié ingesteldheid wat glo en vertrou en besluit dat môre beter gaan wees as vandag. En dan beteken "beter" nie "makliker" of "met minder probleme" nie. Nee, "beter" verwys na die feit dat die manier hoe ek my lewe gaan leef, sinvol en betekenisvol, of hoopvol, gaan wees. En dat ek daarvan werk gaan maak om dit beter te maak.

Hoop kan gemeet word. Navorsers beweer dit het drie bestanddele: 'n Doel, 'n padkaart en wilskrag of morele energie. Kom ons kyk 'n bietjie van nader na hierdie drie komponente wat hoop moontlik maak.




Lynette Beer
*Motiveringspreker en -skrywer*

- Jou doel moet iets wees wat jy regtig wil hê of bereik. En dit is belangrik dat jou motief nie moet wees dat jy iewers wil wegkom nie. Jy moet byvoorbeeld nie besluit om universiteit toe te gaan net om uit die huis uit te kom nie – dan belê jy in jou eie teleurstelling. 'n Gesonde doelwit is iets waarop jy jou oog kan vestig en waaroor jy werklik met oortuiging kan droom. Dit moet, soos 'n beplande rit Kaap toe, 'n voorneme wees waarop jy kan fokus, al weet jy nog nie presies waar jy die geld gaan kry om vir die reis te betaal nie. Om van dié jaar 'n gelukkige, sinvolle jaar te maak en met inspirasie te lewe, kan 'n doelwit wees.
- Die tweede komponent, jou padkaart, moet die aksiestappe uiteensit wat nodig is om by jou doel uit te kom – net soos wat jy die dorpe langs die pad Kaap toe vooraf neerskryf om seker te maak dat jy op die regte roete bly. As jy besluit om hierdie jaar in jou lewenskwaliteit te belê, moet jy

uitspel wat jy gaan doen om dit reg te kry. Ek het iemand onlangs hoor sê dat hy en sy vrou besluit het om stadiger te lewe, om aktief geduldig te wees en alle mense met liefde en vriendelikheid te behandel. Hulle het besluit om aan die einde van elke dag te meet in watter mate hulle hierin geslaag het. Wat ook al jou doelwitte is, maak weekliks tyd om te kyk na jou padkaart en jou vordering.
- Laastens is jou wilskrag die petrol in jou tenk. Om dit te voed, is dit nodig dat jy fisies en emosioneel gesond is en gebalanseerd lewe. Navorsers het bevind dat mense se wilskrag deur hulle bloedsuikervlakke beïnvloed word – nog 'n argument vir 'n gesonde leefstyl. Herinner jouself daaraan dat jy net 'n mens is en dat jy soms moeg en moedeloos sal voel. Maar onthou dan ook dat wat jy voel, kan verbygaan. Jy weet mos jy kan swem. Daar is niks fout daarmee om 'n rukkie water te trap of aan die kant van die swembad te rus tot jy jou asem teruggekry het nie.

Rick Warren, die bekende skrywer van *"Die doelgerigte lewe"*, gee praktiese wenke vir 'n hoopvolle lewe:

- Weet dat probleme, soos alles in die lewe, tydelik van aard is. Soos die ou gesegde lui: Ook dit sal verbygaan.
- Herinner jouself aan uitdagings uit die verlede. Sê gereeld vir jouself: "Ek is al deur dieper waters. Ek was al hier …"
- Swaarkry en uitdagings kry jou onder of maak jou sterkter – die keuse is joune. Die lewe werk soos 'n gimnasium – krag, spiere en veerkragtigheid kom deur gereelde oefening.
- Irritasie en woede in tye van frustrasie en probleme help jou niks nie. Jy dink dalk dat jy die uitlaatklep nodig het, maar op die lang termyn los dit geen probleem op nie en vererger dit net jou gemoedstoestand en jou maagpyn.

Het jy hoop vir die nuwe jaar? As jou antwoord nie 'n duidelike en opreg bedoelde "ja" is nie, het ek slegte nuus vir jou. Jou vrese gaan waar word, want dit is wat met vrese gebeur.

Maar as jy kies om jou gemoedstoestand met hoop te laai, kan ek saam met die wetenskaplikes vir jou sê: Jou doelwitte gaan ook waar word.

Vra jou gerus die volgende paar vrae af:
- Is jy nog dieselfde mens as wat jy twee jaar terug was?
- Het jy oorleef?
- Het jy gegroei uit die afgelope twee jaar se blootstelling aan onsekerheid en gedwonge verandering?

Maar daar is nog 'n verskuilde waarheid oor hoop waarmee ek wil afsluit. 'n Jong man wat op die punt gestaan het om sy eie lewe te neem, vertel hoe 'n onderwyser op presies die regte tyd langs hom kom sit het, niks gesê het nie, maar net daar was vir hom. Toe hy hom groet, was sy woorde: "Jy gaan oukei wees." Dit het hom genoeg hoop gegee om te besluit om die lewe nog 'n kans te gee.

Hoop is nie iets wat ons in afsondering kry nie. Ons plant en oes dit tussen mense. Ons vind ons hoop in ons verhoudings met mense.

# Voorwoord

Wanneer 'n mens in die toekoms terugkyk op hierdie jaarverslag sal dit moeilik wees om die konteks van 2021 ten volle te begryp. Wat 'n jaar!

- Die Suid-Afrikaanse regering steier onder korrupsie soos nog nooit vantevore nie.
- Strukture, netwerke en gewone, vanselfsprekende dinge soos elektrisiteit, goeie paaie, standvastige werk en verantwoordelike leierskap raak 'n uitdaging.
- Daarby is ons in Suid-Afrika in 'n tweede jaar van die Covid-19-ramptoestand en word die onnatuurlike al natuurliker.
- Om die kroon op alles te plaas, word miljarde rande se skade in KwaZulu-Natal aangerig as gevolg van anargie en chaos. Die regering wys 'n onvermoë om te bestuur en regeer en laat plunderaars toe om 'n hele streek byna tot op die grond te vernietig. Dit laat die totale ekonomie in die land handrem optrek. Plunderaars en boewe word die helde van die dag en 'n samelewing soek rigting vorentoe.



Hannes Noëth
*Uitvoerende Direkteur:*
*Solidariteit Helpende Hand*

In hierdie konteks staan Solidariteit Helpende Hand as gemeenskapsorganisasie met hande, voete, oë en ore midde-in ons gemeenskappe. Ons doen gemeenskaps-ontwikkeling. En ons groei. Ons staan by die basiese beginsels van strukture en volhoubaarheid.

Hoe meer strukture in duie stort, hoe meer strukture bou ons. Hoe meer daar rondgeval word vir kitsoplossings en onbeplande aksies om verligting te bring, hoe meer staan ons by die beginsels van volhoubaarheid: Sinvolle beplanning en oplossings wat sterk gemeenskappe bou. Natuurlik is die uitdagings baie. Natuurlik gaan ons die jaar 2022 met baie vrae in, maar as ons op 2021 terugkyk, is ons dankbaar.

- Ons takke en strukture is groter as ooit.
- Ons ondersteuners, donasies en bydraes oortref alle vorige jare se syfers.
- Ons Ons Winkels (Helpende Hand Sake) groei en word 'n ekonomiese struktuur waarsonder Helpende Hand nie meer kan klaarkom nie.
- Vir die eerste keer in ons geskiedenis vorder ons Studietrust meer as R50 miljoen in.
- Ons maatskaplike werkers laat gemeenskapsontwikkeling in al ons streke rigting kry.
- Ons brei uit, en die ekstra streke en groeiende aantal fokusareas verseker meer sukses in die praktyk.
- Ons kommunikasie- en bemarkingsafdeling oortref hulleself en stel Helpende Hand in elke huis, op elke lessenaar en in die leefwêreld van al ons mense bekend.
- Ons projekte maak 'n verskil in kinders, gestremdes, bejaardes en gesinne se lewe.
- Ons pak die grootste navorsingsprojek ooit aan om te bepaal wat elke gemeenskap se behoefte is en vorder meer as 15 000 vorms in.
- Met groot kundigheid en ywer bestuur ons finansiële afdeling ons rande en sente om vir 'n hele samelewing sukses en welstand te verseker.
- Ons stelselafdeling werk letterlik dag en nag om Helpende Hand op die voorpunt van tegnologie te plaas en te hou.
- Ons Ons Sentrums, Ons Plekke en terapiesentrums word lig in donker plekke en groei van krag tot krag.

Hierdie is maar enkele voorbeelde van Helpende Hand se hantering van 'n uiters uitdagende 2021. En ons gaan van krag tot krag. Ons moet. Die uitdagings is groot, die hulpbronne beperk, die roeping duidelik: Verseker voorspoed vir die Afrikaner! Dit is ononderhandelbaar. Ons kan nie hierdie roeping verontagsaam nie.

Ons kyk met dankbaarheid terug op 2021. En ons bedank elke donateur, vrywilliger, ondersteuner, tak, streek, personeellid en die Solidariteit Beweging.

Ons sien uit na 2022 en die jaar wat voorlê. Weer sal ons antwoord: Vorentoe … Ongeag konteks, uitdagings en beproewings.

In hart, met krag, tot hoop.

*Die antwoord op alles is: Vorentoe!*



# Solidariteit Helpende Hand

Solidariteit Helpende Hand wil deur maatskaplik gebaseerde gemeenskapsontwikkeling die selfontwikkeling van die mens in sy gemeenskap, en die ontwikkeling van die gemeenskap as geheel, bevorder.

Ons doel is om maatskaplik gebaseerde gemeenskapsontwikkeling deur volhoubare ontwikkelingsprogramme en -projekte, opleiding, netwerkvorming en hulpbronontginning te bevorder. Deur lede van die gemeenskap op dié manier tot ontwikkelde, selfstandige, selfverantwoordelike en optimaal funksionerende mense te dryf, kan gemeenskappe begin om gesond te funksioneer. Die uitkoms moet ’n toekoms wees waarin die Afrikaner-kultuurgemeenskap vry, veilig en voorspoedig kan wees.

Om hulpbronne, energie en tyd te spandeer aan oplossings wat nie volhoubaar is nie, maak nie sin nie. Daarom was Solidariteit Helpende Hand se strategie van die begin af sterk strukture wat volhoubare oplossings bied. Armoede moenie net draagliker gemaak word nie, maar moet voorkom en uit die weg geruim word. By monde van Flip Buys was die beste helpende hand nog altyd dié een aan die einde van elke mens se eie arm. Daarom is dit Solidariteit Helpende Hand se doel om mense te help om hulleself te help.

Hierdie strategie word in ons embleem uitgebeeld: Dit is nie ’n bedelende hand nie en ook nie ’n gebalde vuis nie. Dit is ’n helpende hand. Eerstens is dit gerig op kwesbare groepe soos ouer mense, kinders en mense met gestremdhede en

dan ook gesinne. Tweedens is die klem op volhoubare voorkoming en verbreking van maatskaplike probleme. Opleiding speel hier 'n belangrike rol. Mense se vlakke van opleiding bepaal hulle vlak van inkomste en daarom bly opleiding en opvoeding die beste belegging wat daar is. Dit is die kragtigste enjin van voorspoed en vorm deel van 'n omvattende maatskaplike ontwikkelingstrategie.

Ons gemeenskapsherstelplan stel homself verder ten doel om gemeenskapskrag te ontgin. Hierdie krag lê in elke persoon se menslike potensiaal en godgegewe talente en gawes wat verder ontgin en ontsluit moet word. Volhoubare gemeenskapsontwikkeling kan slegs plaasvind as die gemeenskappe volle vennote en aandrywers van die ontwikkelingsprosesse word en nie blote ontvangers of deelnemers bly nie. Die krag van die gemeenskap lê daarin dat gemeenskappe hulle beskikbare hulpbronne mobiliseer en gemeenskapslede die onderskeie uitdagings uit hulle eie wilsbeweging aanpak. Die krag van die gemeenskap word gesien in opstaan, ssaamstaan en saamwerk

Elkeen van ons is 'n ambassadeur van verandering en speel 'n integrale rol om ons eie gemeenskap te laat floreer. Dan vorm ons 'n gemeenskap wat in hart en met krag saamstaan om hoop uit te dra. Daarom glo ons in die krag van die gemeenskap: uit die gemeenskap, deur die gemeenskap en vir die gemeenskap.





# Maatskaplikewerkdienste

Die voortslepende Covid-pandemie en die plundery in KwaZulu-Natal (KZN) en Gauteng het die afgelope jaar enorme maatskaplike uitdagings in ons gemeenskappe megebring. Die Maatskaplikewerkdienste-afdeling het egter nie teruggedeins nie maar onverpoos bly diens lewer.

Wanneer ons op 2021 terugkyk, staan ons verstom oor die grootheid van God se genade. Dit is onmoontlik om ál die hoogtepunte van die afdeling te verwoord, maar met groot dankbaarheid vertel ons graag van 'n paar.

Opleiding en ondersteuning aan Helpende Hand se vrywilligerstakke is 'n prioriteit van die Maatskaplikewerkdienste-afdeling, en gedurende 2021 is 340 takvergaderings bygewoon, 75 opleidingsessies aangebied en 19 streekvergaderings bygewoon om opleiding in die noodsaaklikheid van maatskaplik gebaseerde gemeenskapsontwikkeling aan te bied.

Deurlopende netwerkvorming, die stig van forums en die Maatskaplikewerkdiensteafdeling se professionele insette speel 'n noodsaaklike rol in die mobilisering van gemeenskappe. Hulle het die afgelope jaar nie minder nie as 3 119 netwerkvergaderings geïnisieer en bygewoon.

Die afdeling het 'n enorme bydrae gelewer om Helpende Hand se voetspoor in KZN te vergroot – in só 'n mate dat die Pikkie Kleuterskool in Port Shepstone aan Helpende Hand oorhandig is en 'n nuwe Ons Plek sodoende in KZN gevestig is.


Die afdeling het 'n deurslaggewende rol in die sukses van die grootste navorsingsprojek in die geskiedenis van die Afrikaner in Suid-Afrika gespeel en sorg ook dat die aanbevelings van die navorsingsverslae 'n werklikheid word.

Nog 'n prioriteit is om te verseker dat Helpende Hand se projekte binne die fokus van maatskaplik gebaseerde gemeen-skapsontwikkeling val, en die afdeling was die afgelope jaar veral by die volgende projekte betrokke: FroueVonds, Bemagtig-'n-kind, HelpHetta, Seniors-in-aksie en Tuisversorgingsopleiding.







Wil-om-te-Help, 'n jaarlikse professionele opleidingsgeleentheid, is vanjaar in vier streke aangebied, en die terugvoer was uiters positief.

In die streke mobiliseer die afdeling studente om gemeenskapsprojekte aan te pak wat verligting vir kwesbare groepe bring. Hulle bring hulde aan statutêre maatskaplike werkers op Maatskaplikewerkersdag en dra daartoe by dat KANSA 'n reuseskenking van gebreide en gehekelde prosteses ontvang. Verder is seniors in residensiële instansies uitgedaag om deur 'n melktertkompetisie te bepaal wie die melktertkampioen vir 2021 is. Skeermesse en ander toiletware is aan minderbevoorregte seuns oorhandig, en getrou aan die afdeling se standpunt oor opleiding en ontwikkeling is die seuns behoorlik touwys gemaak in skeertegnieke! 'n Uiters suksesvolle projek in leierskapontwikkeling vir graad 7-seuns word 'n jaarlikse instelling.

Die afdeling het opbouende en insiggewende artikels geskryf, en 64 publikasies het in die media en op sosiale media verskyn. 'n Nuwe Facebook-blad, genaamd Angs en Trauma, is vanjaar in samewerking met die Kommunikasie-afdeling geskep. Dié blad ondersteun baie mense op emosionele vlak. Daar is reeds meer as 1 300 intekenaars en die getal neem daagliks toe.

Die afdeling se deeglike assesseringsproses voorkom dat Helpende Hand se hulpbronne uitgeput raak. Hulle hanteer alle hulpversoeke en maatskaplike navrae wat aan Helpende Hand gerig word. Gedurende 2021 het hulle 'n astronomiese 17 662 navrae beantwoord en 1 466 gesinne en individue geassesseer en ondersteun.

Helpende Hand se span maatskaplike werkers is daagliks besig om ons kwesbare groepe se waardigheid te herstel, en deur die krag van ons Hemelse Vader het die Maatskaplikewerkdienste-afdeling 2021 sterker as ooit tevore afgesluit!

# Ons Winkels







Ons kan met trots sê dat Helpende Hand Sake die afgelope jaar 40 nuwe winkels in die Ons Winkel-familie verwelkom het. Daar is al meer as 110 winkels reg oor die land, en dit is vir ons belangrik dat die Ons Winkels in elk van hierdie gemeenskappe as 'n baken van hoop gesien word.

Toe die winkels een ná die ander begin oopmaak het, is ons genoodsaak om 'n dinamiese struktuur daar te stel. In 2021 het die Ons Winkel-span van drie hoofkantoorpersoneellede en drie streekbestuurders tot 'n totaal van 11 personeellede gegroei. 'n Opname het getoon dat die Ons Winkels tot dusver bykans 365 werksgeleenthede geskep het. As dit nie vir ons winkelkontrakteurs se omgeeharte was nie, sou hierdie werksgeleenthede nooit bestaan het nie. Ons is dankbaar, want so kan ons al hoe meer mense help en volhoubare verandering vir die toekoms bring.

Die opening van die 100ste Ons Winkel – oftewel die 100ste baken van hoop – in Hermanus was die hoogtepunt van die jaar. Ons het dit gevier met die 100-aksies-van-hoop: Ons het vir die 100 winkeleienaars gevra om elkeen 'n item of twee uit hulle winkels aan 'n behoeftige persoon te skenk wat hulle winkel op daardie dag besoek. Dit het 'n pragtige artikel op Maroela Media tot gevolg gehad.

Die Wes-Kaap is een van die streke waar die meeste winkels deur die loop van die jaar geopen het – sewe om presies te wees. Insgelyks het sewe nuwe winkels ook in die Gauteng-Suid-streek geopen. KwaZulu-Natal en die Vrystaat spog elk met vyf nuwe winkels, Limpopo en Noordwes elk met vier, en Mpumalanga, die Oos-Kaap en Sentraal-streek elk met een.

Ons was werklik uit die veld geslaan toe ons ons 2022-teiken van 100 winkels reeds vroeg in 2021 bereik het. Dit wys 'n mens net hoe ywerig ons Afrikanervolk is om aan die groter prentjie te werk en te bou. Ons hoop dat ons hierdie netwerk in 2022 nóg verder kan uitbrei.

Ons sluit dus hierdie uitdagende jaar af en is opgewonde oor die feit dat die Ons Winkel-afdeling ons 40%-bydrae aan Helpende Hand in 2020 met R7 000 000 laat toeneem het tot ongeveer R11 000 000 in 2021. Ons wens is dat die jaar wat voorlê al ons verwagtinge sal oortref en ook sukses vir elke ander afdeling in Solidariteit Helpende Hand sal inhou.




# 100ste Ons Winkel – oftewel die 100ste baken van hoop – in Hermanus geopen



# Studietrust

Die jaar 2021 was vir Suid-Afrikaners 'n jaar vol onsekerhede. Regeringsbesluite met betrekking tot Covid-19-inperkings was net een van die faktore wat ons lewens op onvoorsiene wyse beïnvloed het.

Veral ons jeug moes verskeie uitdagings trotseer om hulle doelwitte te laat realiseer terwyl die praktiese en doeltreffende uitvoerbaarheid daarvan deeglik getoets is.

Studie- en loopbaanbeplanning is bemoeilik deur universiteite en ander geakkrediteerde opleidingsinstansies vir wie registrasiedatums en die opstel van studieroosters 'n al hoe groter uitdaging geword het as gevolg van omstandighede.

Die Helpende Hand Studietrust is egter gedurende 2021 geseën met R37 miljoen wat aan behoeftige en verdienstelike Afrikaanse studente toegeken kon word. Die hulp het vir 900 studente een bekommernis minder beteken en was 'n ligpunt sodat hulle steeds 'n studiedroom en toekoms kon verseker.

Dié studiehulp is grootliks te danke aan die donateurs wat die Helpende Hand Studietrust deurlopend ondersteun het en verseker het dat elke student wat wou studeer, die geleentheid daarvoor kon kry.

Verdere volhoubaarheid is bewerkstellig deur die fondse wat terugvloei van ons afgestudeerde, gekwalifiseerde studente wat getrou hulle rentevrye lenings aan die Studietrust terugbetaal.

Deur middel van donasies, fondsinsamelings deur Helpende Hand-takke en terugbetalings deur afgestudeerde leninghouers kon die Studietrust gedurende 2021 altesaam R50 miljoen beskikbaar stel vir toekomstige studente wat deur middel van rentevrye studielenings by geakkrediteerde instellings in Suid-Afrika wil studeer. 'n Rekordbedrag van meer as R23 miljoen is ingesamel om 'n nog groter verskil te maak.

Soos altyd beklemtoon hierdie syfers die waarde van 'n volhoubare model, waar die student wat studiehulp ontvang, kwalifiseer en inskakel by die werkerskorps, die studielening terugbetaal en dit sodoende weer vir die volgende verdienstelike student moontlik maak om te kan studeer.

Die Helpende Hand Studietrust se ondersteuningsbasis het ook gegroei om 'n beter diens aan ons gemeenskappe,

studente en donateurs te lewer. Die fondsbestuurspan het met drie nuwe aanstellings gegroei, wat 'n daadwerklike verskil gemaak het deur gefokusde skakeling met donateurs. Die administrasiespan het ook 'n administratiewe beampte verwelkom wat navrae en ondersteuning sal bespoedig.

Die Studietrust se groei in 2021 kan soos volg opgesom word:

- Ses nuwe gemeenskapstudiefondse met 'n gesamentlike waarde van R5,4 miljoen
- Sewe nuwe onafhanklike studiefondse met 'n gesamentlike waarde van R31,6 miljoen

## Gefokusde projekte en veldtogte

***AlumniVirAfrikaans***




Onthou jy sêrrie, blikskud, vlotbou, gangsport en jool saam met vriende? Koshuistradisies wat jou laat terugverlang na ou pêlle wat jy vandag nog bel en laatnagreünies langs kampvure. Universiteit was die plek waar jy opgelei en opgevoed is. Jou alma mater wek by jou 'n gevoel van trots wat jou hart laat swel.

Maar kampusse is nie meer veilig nie. Die publiek is uitgenooi om aan universiteite en opleidingsinstellings soos Akademia en Sol-Tech te help bou deur 'n eenmalige of maandelikse skenking aan die AlumniVirAfrikaans-studiefonds te maak of deur 'n testamentêre bemaking te oorweeg.

***Hier-sal-ek-boer***




In Suid-Afrika ervaar ons boere groot uitdagings soos jaarlikse droogtes, die uitbreek van peste en siektes, plaasmoorde en stropery. Baie voel hulle wil verkoop, en baie voel hulle wil groener weivelde gaan soek, maar ons kan nie sonder hierdie rolmodelle nie. Daarom stig die Helpende Hand Studietrust die Hier-sal-ek-boer-studiefonds.

Hierdie fonds se mandaat is om seker te maak dat studiekoste nie nog 'n uitdaging vir ons landbou- en natuurhelde is nie.



*Borg-'n-behoeftige-student*




Die Borg-'n-behoeftige-student-projek het ten doel om behoeftige verdienstelike Afrikaanse jongmense wat wil studeer, se studies moontlik te maak deur rentevrye studielenings. Die publiek is dus deur middel van artikels en e-kaartplasings op ons sosiale media en webblaaie gevra om skenkings vir behoeftige studente te maak. Die projek het altesaam ongeveer R33 400 ingevorder om behoeftige studente se studies te help befonds.

Ons kyk met dankbaarheid terug op 'n besige en uitdagende tyd waarin die Helpende Hand Studietrust kon groei en vooruitgaan. Ons besef dit is alles net genade.

Met ons wortels diep gegrawe in die Waarheid en met die wete dat God altyd voor ons uit gaan, kyk ons vorentoe met die hoop om nog baie jongmense te bemagtig om sodoende toekomstige generasies se toekoms te verbeter.






# Navorsing, programme en opleiding

Die ontwikkeling van programme wat op 'n behoeftebepling en navorsing oor gemeenskappe gebaseer is, is noodsaaklik is vir volhoubare maatskaplik gebaseerde gemeenskapsontwikkeling. Solidariteit Helpende Hand groei van krag tot krag en in Januarie 2021 kom 'n navorsingsafdeling tot stand wat kan bepaal watse programme en opleiding nodig is en wat dit op 'n wetenskaplike manier kan ontwikkel. Die afdeling bestaan tans uit vier personeellede en sal DV in 2022 uitbrei na sewe, waaronder 'n aanstelling in Orania.

'n Gemeenskapsnavorsingsprojek is in elk van die twaalf streke aangepak en elke streek sal in 2022 besoek word om terugvoer oor bevindinge vir daardie spesifieke streek te gee. Dit sal streke in staat stel om elke projek te fokus op 'n bepaalde gemeenskap se behoeftes, uitdagings en sterkpunte.

Sekere behoeftes is egter reeds geïdentifiseer en aangespreek. Daar bestaan onder andere reeds 'n handleiding vir takledeom te voorsien in die dringende behoefte aan opleiding van nuut aangestelde personeel in die gemeenskapsontwikkelingsafdeling van groeiende takke.

Die volgende programme en skryf-stukke het ook in 2021 die lig gesien:

- 'n Riglyn vir netwerkvennote wat gedurende die Covid-19-pandemie in

streke hulp verleen het met voedingskemas
- Verskeie artikels vir die Facebookblad en Solidariteit se Maatskaplikewerkersgilde
- Verskeie artikels en werkswinkelmateriaal oor die negatiewe invloed van Covid-19 op die mens se gemoed
- Programme oor rousmart en depressie deur Hannes Noëth
- Basiese riglyne vir gemeenskapsontwikkeling wat in die toekoms nog verder uitgebrei en versterk sal word

Verdere programbeplanning en -ontwikkeling sal bepaal word op grond van die behoeftes wat deur middel van gemeenskapsnavorsing vasgestel is.

In Maart 2021 is 'n Werk- en Welstandkantoor in Orania geopen. Bepaalde programme wat daar geïdentifiseer is, is in die ontwikkelingsfase en sal DV in 2022 geïmplementeer word.

Daar is 'n groot behoefte aan tuisversorging in gemeenskappe. 'n Ekstrakurrikulêre program vir die opleiding van tuisversorgers is ontwikkel en met groot sukses in gebruik geneem. Dit fokus op die totale, holistiese ontwikkeling van die persoon en word tans aanvullend tot akademiese opleiding aangebied.

Die afdeling vir navorsing, programme en opleiding het in 2021 nie net tot die uitbou van Solidariteit Helpende Hand se gemeenskapsontwikkelingsdoelwitte bygedra nie, maar speel ook 'n groot rol in die begronding van die organisasie. Om hierdie doelwitte verder uit te brei en bereik, word verskeie hoogtepunte vir 2022 beplan, insluitend 'n simposium oor gemeenskapsontwikkeling.

**HelpHetta**


Op 31 Maart 2021 verskyn 'n berig oor HelpHetta-navorsing onder die opskrif "Behoeftige meisies benodig meer as net sanitêre produkte" op Maroela Media. Die sangeres en HelpHetta-ambassadeur, Monique Steyn, het ook die mediakonferensie om die navorsingsresultate bekend te stel, bygewoon. Sy sê sy is altyd verstom oor al die moeite, passie en liefde wat Helpende Hand in die HelpHetta-projek stort.

Die HelpHetta-projek verskaf die afgelope sewe jaar sanitêre en higiëniese produkte aan behoeftige skoolmeisies landwyd sodat hulle nie elke maand 'n week lank skool hoef mis te loop nie.

Daar is onder meer berig oor 'n anonieme skoolmeisie van Gordonsbaai in die Wes-Kaap wat vertel het hoe die HelpHetta-projek haar lewe verander het. Die Afrikaanse graad 10-leerder het vertel dat sy en haar ma weens slegte finansiële omstandighede in 'n motorhuis op iemand se erf woon. Aangesien haar ma 'n enkelouer is, is sanitêre produkte 'n luuksheid wat hulle nie kan bekostig nie.



Die meisie het vertel dat sy sedert graad 7 deur die projek gehelp word en dat haar skoolpunte as gevolg daarvan drasties verbeter het. Sy is ook die afgelope drie jaar op haar skool se toptienlys van akademiese presteerders.






Dit is egter slegs die verhaal van een meisie terwyl nog 2 999 gesiglose skoolmeisies landwyd deur dié projek ondersteun word. Nog 1 432 meisies het sedert die aanvang van die Covid-19-pandemie aansoek gedoen om hulp maar kon ongelukkig weens 'n gebrek aan geld nie ondersteun word nie.

Helpende Hand se navorsing onder die 3 000 meisies wat tans by die projek baat vind, dui egter daarop dat die meisies meer as net sanitêre produkte nodig het. Hulle het onder meer ook emosioneel behoefte aan motiveringspraatjies, bemoedigende dagstukkies en inligting oor selfbeeld, eiewaarde, verhoudings en geestelike ontwikkeling. Hulle moet dus holisties ondersteun word en nie net fisies nie.

Die navorsing toon dat 38% van die meisies wat deur die projek ondersteun word, nog op laerskool is en dat 73% van dié meisies op 11- tot 13-jarige ouderdom begin menstrueer het. Agt persent van die meisies het reeds voor 10-jarige ouderdom begin menstrueer, wat hulle blootstel aan die risiko om baie vroeg swanger te raak.

In 2019 was ongeveer 5% van Suid-Afrikaanse meisies tussen 14 en 19 jaar oud swanger. Van die 24 628 swanger meisies was 3 529 (3%) nog op laerskool (tussen 10 en 13 jaar oud). Laasgenoemde swangerskappe was die gevolg van 'n wetlike oortreding.

Byna 10% van die meisies wat aan die navorsing deelgeneem het, het in 'n kinderhuis gewoon, 5% in 'n informele nedersetting en 4% in 'n koshuis. Vyf persent van die meisies word deur 'n enkelpa grootgemaak.

Die aantal laerskoolmeisies wat by die projek baat vind, word elke jaar meer. Dit bring talle uitdagings mee, soos om die meisies al vroeg van kwessies soos menstruasie en seksuele aanranding te vertel.

Die HelpHetta-projek moet groot skoene volstaan. Hulle kan dit nie alleen doen nie en nooi daarom lede van die gemeenskap uit om hulle te help om die skoolmeisies holisties te ondersteun. So kan ons seker maak die volgende generasie vroue is sterk.


***Die volledige navorsingsverslag is op Helpende Hand se webwerf beskikbaar.***

**Gemeenskapsnavorsing**

Op 25 Augustus 2021 verskyn 'n berig onder die opskrif "Helpende Hand-opname gee gemeenskappe 'n stem" op Maroela Media.

Hannes Noëth, uitvoerende direkteur van Helpende Hand, verduidelik dat gemeenskapsnavorsing een van die eerste stappe in gemeenskapswerk is. Om sterk, selfversorgende gemeenskappe te bou, het Solidariteit Helpende Hand dus in 2021 'n landwye opname onder Afrikaanse gemeenskappe van stapel gestuur om vas te stel wat hul behoeftes is.

"Ons is reeds 'n geruime tyd in ons verskillende streke besig om gemeenskapsnavorsing oor die stand van ons mense en die daarstel van volhoubare strukturele oplossings te doen. Die doel van dié navorsing is om die gemeenskapsprofiel, sterkpunte, beskikbare hulpbronne, uitdagings en die behoefte aan opleiding, inligting en ondersteuning te bepaal," het Noëth gesê.




Wêreldwye navorsing het getoon dat lukrake projekte sonder behoorlike navorsing oor die behoeftes van die spesifieke gemeenskap uiters onproduktief, niksseggend en hulpbronverkwistend is.

"Dié opname is die eerste stap in gemeenskapswerk – om die gemeenskappe betrokke te kry en vas te stel hoe hierdie

gemeenskappe verenig kan word, asook hoe programme en aktiwiteite holisties ontwikkel kan word. Ons weet hoe belangrik dit is om op die regte plek, op die regte wyse, die regte verskil te maak."

Helpende Hand se hoofkantoor in Centurion, Gauteng, het op 25 Augustus 'n pretdag by die Sol-Tech-kampus in Pretoria gehou, en al die instansies in die Solidariteit Beweging se personeel is uitgedaag om op dié dag tien minute van hul tyd af te staan om die gemeenskapsvraelys aanlyn op hul selfone of skootrekenaars in te vul.

Vir elke vorm wat op dié dag voltooi is, is R10 geskenk aan die Helpende Hand Studietrust wat aan behoeftige studente die geleentheid bied om verder te gaan studeer.

Die gemeenskapsvraelys help Helpende Hand om 'n verskil te maak waar dit regtig saak maak. Om net kos uit te deel, verlig dalk die onmiddellike, daaglikse nood, maar is nie volhoubaar nie.

Meer as 15 000 Afrikaners uit al die provinsies het aan die opname deelgeneem. Die data word verwerk en sal rigting gee aan Helpende Hand se werksaamhede. Dit sal verseker dat ons elke gemeenskap ontwikkel tot sterk bome wat skadu aan die volgende geslag kan bied.

Die navorsing sal ook beskikbaar gestel word aan ander instansies wat 'n sosiale verantwoordelikheid voel om hul gemeenskappe te ontwikkel, want saam is ons sterker.





# Josef Silo's


Suid-Afrika en die hele wêreld beleef uitdagende tye as gevolg van Covid-19. Om hierdie rede het Helpende Hand besluit om die Bybel as 'n riglyn te gebruik om seker te maak dat mense in nood in dié uitdagende tye van voedsel voorsien word.

Met ons Josef Silo's werk Helpende Hand vanaf 2020 se inperkingtydperk volgens die beginsel om "reg te gee" sonder om afhanklikheid te skep.

Die naam van die projek kom uit die Bybel: Josef het in Egipte opdrag gekry om tydens die sewe jaar van oorvloed kos bymekaar te maak en te stoor vir die sewe jaar van hongersnood wat sou volg.

Helpende Hand se bedoeling met Josef Silo's is juis om voorsiening te maak vir die moeilike tye wat ons tans ervaar. Die donasies wat ons ontvang, word aangewend om gesinne, instansies en organisasies wat voedselnood ervaar te ondersteun.

Helpende Hand het gevestigde strukture. Elke gesin wat by Helpende Hand om hulp aanklop, word verwys na gepaste hulpbronne of die streek waarin die aansoeker woon se maatskaplike werker. Op hierdie wyse verseker ons dat ons die donasies wat aan ons toevertrou word op 'n georganiseerde en gestruktureerde manier uitdeel.




**Hier volg die statistiek van wat in die 40 weke van Januarie tot Oktober 2021 deur Helpende Hand se 12 streke en 3 Ons Plek-sentrums ontvang en versprei is:**

- Ons het 4 264 gesinne met kontant en/of produkte gehelp.
- Ons het 1 127 instansies bygestaan.
- Ons het R1 418 217,53 (meer as R1,4 miljoen) aan kontantbydraes ingesamel en R16 968 705,09 (meer as R16,9 miljoen) aan produkte en goedere.
- Ons het in totaal R18 840 522,62 (meer as R18,8 miljoen) ingesamel.
- Ons het R10 633 41136 (meer as R10,6 miljoen) aan behoeftige gesinne en instansies geskenk.
- Ons het 31,5 ton vleis van die HelpJag-projek ontvang en dit aan behoeftige gesinne en instansies uitgedeel.
- Die Tekkies & Toks-projek het 3 600 pare tekkies en toks vir behoeftige tieners ingesamel.
- Tydens die KZN-plunderkrisis het ons:
  - » R75 9100,00 aan kontantbydraes ontvang
  - » R1 818 426,06 (meer as R1,8 miljoen) aan kosskenkings ontvang
  - » 122 gesinne en 148 instansies bygestaan

In die drie maande na afloop van die krisis het ons R659 952,31 geskenk aan behoeftige gesinne en instansies wat swaar deur die onluste getref is en aansoek gedoen het om hulp.

Die Josef Silo's het in die twee jaar tot aan die einde van 2021 goedere en kontant ter waarde van R45,2 miljoen rand ontvang. Daarvan is R29,2 miljoen aan 26 772 behoeftige gesinne en 3 191 instansies geskenk. Dit is vir ons 'n voorreg om sulke groot bedrae op verantwoordelike wyse te bestuur en bestee.

## WERK- EN WELSTAND-KANTOOR OPEN IN ORANIA

Die Orania Werk- en Welstand-kantoor is die eerste van sy soort. Hierdie kantoor is deur Solidariteit en Solidariteit Helpende Hand in Orania geopen om aandag te gee aan die werk- en welstandbehoeftes van werknemers en werkgewers. As die omgewing, werknemers en ander mense gesond is, sal almal gelukkig wees.

Mense moet bemagtig word met soveel as moontlik kennis en vaardighede oor hulle werksomgewing. Die verhouding tussen werkgewers en werknemers en hulle welstand beïnvloed die gehalte van werk en die werksomgewing. 'n Goeie verhouding tussen werkgewers en werknemers verseker 'n gelukkige werksomgewing. Orania se Werk- en Welstand-kantoor fokus dus op almal se welstand sodat mense gelukkig kan wees en goeie werk doen en sodat werkgeleenthede volhoubaar kan wees.

### WERK- EN WELSTANDWEEK

Die Werk- en Welstand-kantoor het in 2021 met verskeie projekte begin om optimale werksverhoudinge te verseker en om werknemers se werksomgewing en welstand te verbeter. Die belangrikste was die Werk- en Welstand-week wat van 11 tot 15 Oktober plaasgevind het.

Kollegas van Solidariteit en Helpende Hand het vir die week in Orania gaan kuier om programme aan te bied wat op almal van babas tot afgetredenes gemik was. Die program het die Maandag in samewerking met OraniaMed24 afgeskop met mediese toetse vir bloeddruk, bloedglukose, pols, suurstof en cholesterol.

Die sprekers by die amptelike opening van die Werk- en Welstand-week was Gawie Snyman, Dirk Hermann en Hannes Noëth; hulle het oor die belangrikheid van werk en welstand gesels. Die res van die week het Stefan Pieterse praatjies aangebied oor onder meer "Hoe bemark jy jou besigheid?" en "Student, raak betrokke". Daar was ook inligtingsessies oor S-Leer, Solidariteit se aanlyn opleidingsplatform, "Wat is die bohaai oor drank?" en ds. Wikus Buys het gepraat oor "Die verband tussen Gawes en Gildes". By daardie geleenheid is die Ambaggilde bekendgestel.

Gedurende die week is onder meer 'n poppekas vir twee- tot vierjariges aangebied, die Seniors-in-aksie-program vir bejaardes en 'n boeresportaand vir alle laer- en hoërskoolleerders wat teikenskiet, toutrek, eierresies en sakresies ingesluit het.

Hoogtepunte van die week was Hannes Noëth se praatjie oor "Depressie en rousmart" en die damestee wat Hannie Viljoen by die Oewer Restaurant aangebied het. Na 'n inspirerende boodskap by die damestee het die Vrouelandbouvereniging (VLV) 'n demonstrasie gelewer.

Die week is afgesluit met die bekendstelling van die boek Die Christen en sy werk en 'n gesprek oor hoe om op 'n Christelike manier in vryheid te werk. Die aand is inwoners van Orania vereer as Stadsbouer van die Jaar en Werkgewer van die Jaar.


ORANIA:
WERK EN WELSTAND
Inisiatief van Solidariteit en Solidariteit Helpende Hand














Ek is 'n
STADSBOUER





# Kommunikasie-afdeling

Solidariteit Helpende Hand is 'n maatskaplike gemeenskapsontwikkelingsinstansie wat bande tussen mense in 'n gemeenskap bou, laat ontwikkel en voortleef. Dit is ons roeping en verantwoordelikheid. Die basis is die beginsels van die Afrikaner Helpmekaarbeweging van 1949 waar die fokus op "help " en "saam" en "ons" was. Almal vorm deel van 'n gemeenskap wat gestruktureer en ontwikkel moet word.

Daardeur kan alledaagse uitdagings hanteer en volhoubare oplossings gevind en ontgin word. Solidariteit Helpende Hand se wortels is in die verligting van mynwerkers se nood en behoeftes. Die geskiedenis gaan terug na die depressie ná die Anglo-Boereoorlog toe baie mense hulle brood moes verdien met werk in die land se myne. Die moeilike lewensomstandighede en lae lewensverwagting het natuurlik gelei tot die skep van 'n vakbond wat ook na weduwees en weeskinders sou omsien.

Die vakbond se leiers het legendes geword. Mary Fitzgerald, Helpende Hand se eerste amptenaar, was byvoorbeeld bekend daarvoor dat sy op 'n fiets rondgery het om geld in te samel vir mynwerkers se gesinne en begrafnisse. Solidariteit Helpende Hand se voorganger, die Mynwerkersunie (MWU) van 1949, het verskeie maatskaplike en fondsinsamelingsprojekte behartig. Selfopheffing en die selfverantwoordelikheid van die gemeenskap was die hoofdoel.

Die beste voorbeeld is die weduwees wat begin poppe maak het. Hulle het dit "dollies" genoem. Later is 'n fabriek geopen wat baie vroue opgelei het om poppe te maak en om naaldwerk en kunsnaaldwerk te doen. Toe die fabriek gesluit is, kon die vroue in die naaldwerkbedryf werk kry. Die unie het Helpende Hand-takke gestig wat gekoppel was aan elke mynskag of werksplek. In 1997 is Flip Buys as voorsitter verkies, en in 2001 is Solidariteit Helpende Hand amptelik gestig. Daarop volg die strukturele maatskaplike werksaamhede, wat Ons Winkels en die Studiefondssentrum insluit, en die stigting van takke met streeksorganiseerders wat landwyd nasionale projekte onderneem.

Elke persoon het die beste spreekwoordelike hand aan die einde van hul eie arm om hulself en hul mense te help. Solidariteit Helpende Hand se doel is om mense te help om hulself te help. Hierdie strategiese benadering word in ons embleem uitgebeeld. Dit is nie 'n bedelende hand of 'n gebalde vuis nie. Dit is 'n hand wat kan en wil help.

Hulpbronne, tyd en energie is kosbaar, en die onpraktiese vermorsing daarvan is nadelig. Solidariteit Helpende Hand se aanvanklike strategie is sterk strukture wat volhoubare oplossings bied in die gemeenskap. Armoede moenie net verlig word nie, maar moet voorkom en verbreek word. Ons is gerig op kwesbare groepe soos ouer mense en kinders, mense met gestremdhede en gesinne. Die klem val daarop om maatskaplike probleme in die gemeenskap te voorkom en die hoof te bied. Die beste belegging en voorbeeld van hierdie volhoubare oplossings sal altyd opleiding wees. Mense se inkomste en leefstyl word grotendeels bepaal deur hulle opleiding en opvoeding.

Dit is die doeltreffendste instrument en hulpbron vir voorspoed. Dit vorm deel van 'n omvattende maatskaplike gemeenskapsontwikkelingstrategie.

Deur Solidariteit Helpende Hand se volhoubare netwerke, programme en projekte vir gemeenskapsontwikkeling kan mense deur hul gemeenskap selfstandig, verantwoordelik, ontwikkeld, en optimaal funksionerende persone in die samelewing word. Dit skep sodoende gesonde en funksionerende gemeenskappe.

Die gevolg is 'n vry, veilige en voorspoedige Afrikanerkultuurgemeenskap vir die toekoms. Solidariteit Helpende Hand wil voorspoed verseker.

Dít is die taal wat Helpende Hand praat, dít is die taal in die handelsmerk en roeping van die taal in ons as instelling. Dit is ook die boodskap wat Solidariteit Helpende Hand se kommunikasieafdeling daagliks na buite dra.

*Dit is ons storie, dit is ons konteks, dit is ons enigheidswaarde en roeping.*

Mediahoogtepunte

## Tekkies & Toks

# Tekkies en Toks-projek wil 'n verskil maak

Sunday 25 April 2021 - 8:51pm




Solidariteit Helpende Hand samel tekkies en rugbystewels in vir minder bevoorregte kinders, in samewerking met Vlok Cilliers se Vlokskop-stigting.

Bring jou tekkies en bring jou tokse.

Solidariteit Helpende Hand het saam met die rugbybekendes Morné Steyn en Vlok Cilliers hul beste voet voor gesit om minderbevoorregte kinders te help.

Besoek tekkiesentoks.co.za om by te dra.

**Source:** eNuus

**Insetsel op eNuus | 25 April 2021**

## Eerste groep tuisversorgers

# Helpende Hand vereer nuwe tuisversorgers span

Odette Venter

Solidariteit Helpende Hand het verlede week sy eerste groep vroue wat as geakkrediteerde tuisversorgers opgelei is, vereer.

Altesaam 17 studente het vanjaar Helpende Hand se tuisversorgingsopleidingsprogram in onderskeidelik Bloemfontein en Pretoria suksesvol voltooi en hul eksamens geslaag.

Helpende Hand se tuisversorgingskursus is die eerste van sy soort, en dit is in Maart vanjaar bekendgestel.

"Helpende Hand wil graag dié studente vir hierdie wonderlike prestasie, asook hul deursettingsvermoë gedurende die ses maande wat hulle die opleiding voltooi het, vereer," het Hannes Noëth, Helpende Hand se uitvoerende direkteur, by die geleentheid in Pretoria gesê.

Noëth het gesê dat daar oor die afgelope paar jaar 'n groeiende behoefte na Afrikaanse tuisversorgers ontstaan het, en dat vandaar die tuisversorgingsopleidingsprogram tot verwesenliking gekom het.

"Baie Afrikaanse bejaardes vra na versorgers wat in hulle eie taal met hulle kan praat en hulle kan versorg.

"Dit is enersyds nie altyd prakties of bekostigbaar om in 'n ouetehuis te gaan bly nie, en andersyds is daar ook 'n groeiende behoefte onder jonger Afrikaanse mense om versorgers te word.

"'n Mens besef eers die waarde van die professie wat ons vandag vereer die dag wat jy dit nodig het.

"'n Mens het 'n versorger nodig wanneer gewone dinge nie meer gewoon is nie – van badkamer toe gaan tot eet.

"Vandag kry julle erkenning vir dit wat deel van julle roeping is, en ons is trots om te sê dat julle dienste reeds hoog in aanvraag is. Die sertifikaat is nie net 'n stuk papier nie – dit is geakkrediteer, goed vir julle menswees, en dit is bowenal deel van julle roeping," het hy gesê.

Die volgende groep studente kan nou vir die volgende kursus wat in Februarie volgende jaar afskop, aansoek doen.

Die opleiding sal volgende in jaar Pretoria, Bloemfontein, Naboomspruit, Krugersdorp, Port Elizabeth en Paarl aangebied word.

Daar is 'n beperkte aantal rentevrye studielenings beskikbaar, wat aan die hand van bepaalde kriteria toegeken word. Kandidate sal 'n streng keuringsproses ondergaan om hiervoor te kwalifiseer.

Die publiek word ook aangemoedig om 'n tuisversorgingstudent te borg.

"Deur een student vir die kursus te borg, voorsien die publiek iemand van 'n tersiêre kwalifikasie en 'n werk.

"'n Mens weet ook 'n bejaarde of gestremde persoon kan teen 'n bekostigbare prys in Afrikaans deur 'n goed opgeleide persoon versorg word, en 'n gesin het ook gemoedsrus omdat hulle weet dat hul geliefde goed versorg word."



Altesaam 17 studente het vanjaar Helpende Hand se tuisversorgingsopleidingsprogram suksesvol voltooi en hul eksamens geslaag. Hulle het verlede Saterdag hul sertifikate in Pretoria ontvang. **Foto: Reint Dykema**

**Artikel in *Pretoria Rekord* | 1 Oktober 2021**

## Eerste digbundel

# Verlies kweek hoop

26 Aug. 2021

BULLETIN

DEEL



'n Digbundel vir elkeen wat in 'n tyd van verlies hoop nodig het, is onlangs ter viering van Vrouemaand deur Solidariteit Helpende Hand bekend gestel.

Dié bundel, *Steeds Vrou*, bevat 40 gedigte deur Alta Strauss, skrywer en motiveringspreker, en René Roux, adjunk- uitvoerende hoof van Helpende Hand.

Volgens Hannes Noëth, uitvoerende direkteur, is verlies oor die eeue heen deel van die vrou se menswees.

"Tog is sy steeds die geliefde, die moeder, die versorger, die een wat atmosfeer aan die samelewing toevoeg, die een wat sagtheid bring. Haar verlies maak haar sterker en haar hoop beskaam nie."

Hy sê albei skrywers het met die saamstel van die bundel swaargekry.

"In 'n wêreld vol gebrokenheid en seer deel hulle 'n bietjie van hul hart, hul verlies. Hul werk was aanvanklik nie bedoel om deur enigiemand gelees te word nie, maar ná alles sê hulle: 'Ons is steeds vrou. Ons ken verdriet en seer en verlies'. Hul boodskap is dat vroue hulself moet wees en hoop moet hê – selfs in tye van verlies."

Die sanger Laurika Rauch en Anice Kruger, die brandslagoffer Pippie Kruger se ma, het die bundel onder oë gehad en positiewe terugvoering gelewer.

"Die gedigte bevat woorde waarmee mense hulle kan vereenselwig," skryf Rauch. "Ná die eerste deurlees van Steeds Vrou het ek 'n ongelooflike ligte ervaring beleef, maar bowenal 'n plek van stilte gevind; woorde wat ek nodig het om my eie gevoelens te beskryf."

Kruger skryf hoewel die gedigte oor soveel seer handel, die hoop deurskyn.

Wins van die bundel se verkope gaan aan Helpende Hand se FroueVonds geskenk word.

Die FroueVonds, met opset verkeerd gespel om te beklemtoon dat alles nie altyd reg verloop nie, streef om vroue te bemagtig om pilare van hoop in hul gemeenskap te wees.

- **Die bundel is teen R120 beskikbaar. Besoek steedsvrou.co.za of stuur 'n e-pos na FroueVonds@helpendehand.co.za.**

**Artikel in Netwerk24 | 26 Augustus 2021**

## Helpende Hand brei boobies




**Insetsel op eNuus | 26 Oktober 2021**

## Helpende Hand hou sensus

maroela media

snuffel...

# Helpende Hand-opname gee gemeenskappe 'n stem

25 Augustus 2021



Hannes Noëth. (Foto: Verskaf)

Om sterk, selfversorgende gemeenskappe te bou, is Solidariteit Helpende Hand tans besig met 'n landwye opname onder Afrikaanse gemeenskappe om vas te stel wat hul behoeftes is.

Hannes Noëth, uitvoerende direkteur van Helpende Hand, verduidelik dat een van die eerste stappe in gemeenskapswerk is om gemeenskapsnavorsing te doen om die behoeftes, beskikbare hulpbronne, sterkpunte en uitdagings in 'n gemeenskap te bepaal.

"Ons is reeds 'n geruime tyd al in ons verskillende streke besig om gemeenskapsanalises en navorsing oor die stand van ons mense en die daarstel van volhoubare strukturele oplossings te doen. Die doel van dié navorsing is om die gemeenskapsprofiel, sterkpunte, beskikbare hulpbronne, uitdagings en die behoefte aan opleiding, inligting en ondersteuning te bepaal," sê Noëth.

"Wêreldwye navorsing het getoon dat lukrake projekte, sonder behoorlike navorsing oor die behoeftes van die spesifieke gemeenskap, uiters onproduktief, niksseggend en hulpbronverkwistend is.

"Dié opname is die eerste stap in gemeenskapswerk – om die gemeenskappe betrokke te kry en vas te stel hoe hierdie gemeenskappe verenig kan word, asook deur programme en aktiwiteite holisties ontwikkel kan word. Ons weet hoe belangrik dit is om op die regte plek, op die regte wyse, die regte verskil te maak."

Helpende Hand se hoofkantoor in Centurion, Gauteng, gaan op 25 Augustus 'n pretdag by die Sol-Tech-kampus in Pretoria hou, en al die instansies se personeel binne die Solidariteit Beweging uitdaag om op dié dag tien minute van hul tyd af te staan om die gemeenskapsvraelys aanlyn op hul selfone of skootrekenaars in te vul.

Vir elke vorm wat op dié dag voltooi word, sal R10 aan die Helpende Hand Studietrust (HHST) geskenk word, wat behoeftige studente die geleentheid bied om verder te gaan studeer.

"Hierdie gemeenskapsvraelys help ons geweldig om 'n verskil te maak waar dit regtig saak maak. Om net kos uit te deel, verlig dalk die onmiddellike, daaglikse nood, maar is nie volhoubaar vir die toekoms nie. Ons moet dus saamwerk om gemeenskapskrag te ontsluit," sê Noëth.

Die navorsing sal beskikbaar gestel word aan instansies wat 'n sosiale verantwoordelikheid teenoor sy gemeenskap dra, om hulle in staat te stel om hul eie aksies te evalueer en aan te pas om hul gemeenskappe te ontwikkel.

Besoek www.onsgemeenskap.co.za vir meer inligting en om die vraelys in te vul.

Deel van: Goeie goed, Mense

gemeenskapsdiens | Helpende Hand

**Artikel op Maroela Media | 25 Augustus 2021**

# Nasionale projekte

## Bemagtig-'n-kind







Die Bemagtig-'n-kind-projek is een van Solidariteit Helpende Hand se projekte wat by uitstek daarop fokus om kinders die geleentheid te bied om hulle skoolloopbaan ten spyte van hul uitdagende omstandighede steeds na die beste van hulle vermoë te voltooi. Die projek skep nie afhanklikheid nie aangesien dit korttermynhulp bied. Die keuringsproses is deursigtig en geskied in samewerking met die onderskeie Helpende Hand-streke en streeks- maatskaplike werkers.

Bemagtig-'n-kind het in 2021 nuwe hoogtes bereik. In hierdie jaar het die fonds gegroei met gevestigde donateurs wat maandeliks hulle harte oopmaak om 'n daadwerklike verskil aan kinders se lewens te maak. Hierdie donateurs maak dit moontlik om 'n veilige heenkome en geleenthede vir kinders te skep. Hierdie jaar het Bemagtig-'n-kind ook weer saam met die grootste mediahuis in Suid-Afrika, Maroela Media, gewerk. Maroela is ook nou aan die projek verbind en besef die waarde van die projek. Die projek het meer gevestig geraak in die media, en meer mense het dit begin ondersteun as gevolg van verskeie artikels op Maroela Media. Met hulp van Dapper Media het Bemagtig-'n-kind ook twee bemarkingsvideo's opgeneem en op sosiale media versprei.

Bemagtig-'n-kind het vir die eerste keer belê in kalenders vir 2022. Dit is 'n inisiatief om die Solidariteit Beweging-instellings te laat inkoop in die hart van die projek en dit was ook 'n groot finansiële inspuiting.

Nadat aansoeke landswyd ontvang is, kon die Bemagtig-'n-kind-fonds in 2021 aan 51 kinders hulp verleen ten bedrae van R114 261. Die fondse is aangewend vir koshuisgeld, skoolgeld, terapeutiese dienste, naskoolklasse en skoolvervoer. Sodoende is daar gehelp om vir elke kind 'n brug na 'n beter toekoms te bou. Ons skep hoop en maak 'n verskil in kinders se lewens!

# Kosblikkieprojek

In 2021 voed Helpende Hand se Kosblikkieprojek ongeveer 8 000 kleuters in 88 skole reg oor die land.

Helpende Hand ondersteun hierdie jaar weereens die Kosblikkie-skole met verskillende inisiatiewe, insluitend finansieel en met wildsvleis (onderhewig aan bepalings van Helpende Hand se hoofkantoor).

Die finansiële ondersteuning geskied oor 'n tydperk van 10 maande. Hiermee word die nodige produkte gekoop om by te dra tot 'n daaglikse gebalanseerde bord kos vir die kleuters.

Gedurende April 2021 vorm die Kosblikkieprojek deel van Helpende Hand se maandtema, naamlik Familie. Die projek fokus op die ondersteuning van behoeftige kleuters met voeding. Hierdeur word daar op 'n vroeë stadium van 'n kind se lewe pogings aangewend om welstand te verseker.

Helpende Hand se hoofkantoor hou 'n Kosblikkie-bederfdag waar ons een van die skole in Pretoria se kleuters gaan bederf met 'n kosblik vol voedsame happies wat al vyf voedselgroepe insluit. (Die doel is ook om te wys hoe om op 'n bekostigbare wyse daagliks 'n voedsame ete vir kleuters voor te berei.) Die kosblik dien as simbool van die projek.

Die bekendstelling van Willem van der Ryst se nuwe lied ten bate van StopHonger se Kosblikkieprojek vind in Junie 2021 plaas.

Tydens die StopHonger-week het ons bewusmaking op sosiale media gedoen en wenke gedeel oor hoe om jou rande te rek.

Helpende Hand deel ook die Randrekkergids met die publiek.

Helpende Hand en Chanelle Retief, geregistreerde dieetkundige en eienaar van Nutrifundi, gesels oor die belangrikheid van kleutervoeding. Chanelle deel nie net haar kundigheid nie, maar gee ook 'n paar wenke vir mammas.








# HelpJag-projek

Helpende Hand se Kosblikkieprojek ondersteun tans 88 skole se voedingsprogramme finansieel. Die HelpJag-inisiatief se hooffokus is om die Kosblikkieprojek hiermee by te staan. Vir baie van die kleuters is daardie bord kos die enigste wat hulle bedags kry, daarom is dit van kardinale belang dat daardie bord kos voedsaam moet wees. 'n Hoëproteïendieet, soos wildsvleis, verbeter die kleuter se kanse om gesond te ontwikkel en dra by tot beter konsentrasie en prestasie op skool.

Saam met hulle mediavennoot *Wild & Jag/Game & Hunt* en hulle drie ambassadeurs, die oud-Springboklegende  Bakkies Botha en die sangers Adam Tas en Appel, maak HelpJag in 2021 'n groot verskil in kinders se lewens. Hulle samel nie minder nie as 32 ton vleis in.

Die jaarlikse SkepHoop–inisiatief het tydens Julie 2021 in die driehoek tussen Schweizer-Reneke, Stella en Bray in Noordwes plaasgevind. Die doel was om 'n minimum van 5 000 kg (5 ton) vleis in te samel, maar ons is baie dankbaar dat 'n totaal van 10 698 kg ingesamel is. Die vleis is deur verskeie slaghuise wat die projek ondersteun verwerk en deur plaaslike takke onder geïdentifiseerde instansies versprei.

Die jaarlikse HelpJag-jagtog was om verskeie redes baie besonders. Dit is die eerste keer in vier jaar dat al drie ambassadeurs, saam op die jagveld was. Hierdie jaggeleentheid is met 'n reuseborgskap deur twee instansies, Meerkat Online Auctions en Kooperasie Kroeg & Kos in Potchefstroom, moontlik gemaak. Die borgskap het gesorg dat 200 proteïenryke etes 'n maand lank daagliks aan behoeftiges voorsien kon word.

HelpJag begin elke jaar tydens HuntEx 'n kompetisie om geld in te samel vir die verwerking en verspreiding van die vleis wat geskenk word. Weens die inperking kon HuntEx 2021 nie voortgaan nie. HelpJag het wel voortgegaan met 'n aanlyn kompetisie waar die publiek lootjies kon koop.

HelpJag se eerste amptelike gholfdag is in November aangebied. Die doel van die geleentheid was om geld in te samel vir die verwerking en verspreiding van die wildsvleis wat bymekaargemaak is. Die dag is afgesluit met 'n aandfunksie waar Woes en Adam Tas opgetree het.











# Skooltassieprojek




In 2021 het Helpende Hand 3 000 tassies reg oor die land uitgedeel.

Vir Helpende Hand is die Skooltassieprojek 'n hartsaak. Die afgelope 13 jaar slaag ons daarin om duisende tassies reg oor die land te versprei. Daar word gereeld navorsing gedoen om seker te maak dat die inhoud van die tassie voldoen aan die meeste skole se vereistes. Die waarde van so 'n tassie en die inhoud is R250.

Met die Tiekies-vir-'n-Tassie-veldtog doen ons 'n beroep op die publiek om saam met ons te werk en in ons jeug se toekoms te belê.





# Tekkies & Toks-projek

Solidariteit Helpende Hand besef hoe belangrik sport op soveel vlakke van ontwikkeling vir kinders is.Dit hou hulle nie net fisies gesond nie, maar help ook met hulle emosionele en verstandelike ontwikkeling.

Tekkies & Toks is ’n inisiatief wat gedryf word deur Helpende Hand en die VlokSkop Stigting. Die doel van die projek is om tekkies en/of toks aan hoërskoolleerders te skenk wie se ouers dit nie kan bekostig nie. Finansies moet nooit die rede wees waarom kinders nie aan sport kan deelneem nie.

Tydens Maart 2021 stuur Helpende Hand in samewerking met die Vlokskop Stigting die projek van stapel. Ons is trots om Morné Steyn as ambassadeur aan die projek te koppel. Hy het uit die aard van die saak ’n groot passie vir sport sowel as om ’n verskil te maak.







Ongeveer 3 600 paar tweedehandse of splinternuwe tekkies en tokse word by Helpende Hand se Ons Winkels, ander instansies en skole reg oor die land afgelewer en aan behoeftige leerders uitgedeel.

Vlok Cilliers gesels op 13 Augustus 2021 op die program Toks & Tjops oor die Tekkies & Toks-projek en die noodsaaklikheid van die projek vir ons jeug. Virseker en Toks & Tjops skenk sportskoene ter waarde van R35 000 wat aan genomineerde leerders uitgedeel word.







# Legendes

Die gewilde Woes-program is 'n aanlyn platform wat geskep is om fondse in te samel. Met groot opgewondenheid is daar vanaf 22 September 2021 elke Woensdagaand om 19:00 'n splinternuwe program naamlik Legendes na verskeie sosialemediaplatforms asook YouTube gestroom.

Die doel van die program is fondsinsameling ten bate van Solidariteit Helpende Hand se projekte. Helpende Hand fokus in sy geheel daarop om na die fisiese, emosionele, sosio-emosionele en kulturele welstand van ons kwesbare groepe om te sien en 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms te verseker.

Kykers kry die geleentheid om in die gerief van hul eie huis interaktief aan die regstreekse uitsending deel te neem.

Die twee legendes Jaco van Dyk en Hamilton Wessels bied 'n emosiebelaaide kletsprogram propvol pret aan. Kykers kan uitsien na kuiers saam met legendariese gaste, wat wissel van musiek- tot sportsterre, asook gesellige wynproe- en kosmaaksessies.



# FroueVonds

Want alles loop nie altyd reg nie. Dit is die leuse van die FroueVonds en ook die rede vir die verkeerde spelling. In 2021 beleef ons opnuut hoe soveel dinge in die pad kan staan van voluit vrou, meisie, suster, ma en vriendin wees. Ons is dankbaar vir klein liggies van hoop en brûe wat gebou kon word om vroue in ons gemeenskappe in 2021 te ondersteun.

## FroueVonds-dagbeplanner 2022

Die FroueVonds gee die tweede agtereenvolgende jaar 'n dagbeplanner uit in samewerking met Carpe Diem Media, Finesse Voelgoed Tydskrif en Lynette Beer. Van elke dagbeplanner gaan R50 aan die FroueVonds en sal spesifiek vir die HelpHetta-projek aangewend word.







## FroueVonds-digbundel

Hierdie digbundel bevat 20 gedigte van René Roux, adjunk- uitvoerende hoof van Solidariteit Helpende Hand, en Alta Strauss, bekende skrywer en motiveringspreker. Die bundel getiteld *Steeds Vrou* bevat gedigte wat handel oor verlies en die pad na hoop. Veral in hierdie moeilike tye voel ons dat hierdie woorde werklik 'n verskil aan die gemoedstoestand sal maak, asook hoop vir die vroue van Suid-Afrika sal bring.

Laurika Rauch en Anice Kruger (die brandslagoffer, Pippie Kruger, se ma) het elk 'n resensie oor die digbundel geskryf wat ook in die boek gepubliseer sal word.

Laurika Rauch skryf die volgende oor die bundel: "Watter mens, watter vrou, kan nie met hierdie woorde identifiseer nie? Ná selfs net die eerste deurlees van *Steeds Vrou* het ek ook 'n 'ongelooflik ligte ervaring' beleef, maar bowenal het ek 'n plek van stilte en woorde gevind wat ek nodig het om my eie gevoelens mee te beskryf."










In keurige Afrikaans getuig René en Alta oor verlies in elkeen se persoonlike lewe en hoe dit met die vooruitsig van hoop gepaardgaan.

Hannes Noëth, uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand, se woorde oor die digbundel lui soos volg: "Ná alles sê beide van hulle: ons is steeds vrou. Ons praat nie net nie. Ons ken verdriet en seer en verlies. Hulle boodskap is: Wees jouself. Hê hoop. Selfs in tye van verlies. Natuurlik stel hulle hulself bloot met die publisering hiervan. Hulle kies dit. Hulle doen dit graag. Die bundel is vir elkeen wat hoop in 'n tyd van verlies moet bring."

Vyftig persent van die wins van hierdie digbundel gaan aan die FroueVonds van Helpende Hand geskenk word om 3 000 behoeftige jong dames in Suid-Afrika van sanitêre produkte te voorsien asook om jong, behoeftige vroue in staat te stel om deur die Susanna Smit Studiefonds te gaan studeer.

## Droomrokke




Die Droomrokkeprojek groei tot 'n allemintige 904 rokke by 28 Ons Winkels reg oor Suid-Afrika.

In 2020 het Helpende Hand se FroueVonds en Ons Winkels met die pragtige Demi Lee Moore saamgespan om meisies se droomgeleenthede met die Droomrokke-projek te laat waar word.

Trourokke, matriekafskeidrokke, aandrokke en dineerokke van alle groottes en smake kan geskenk word, en die rokke word weer teen 'n minimale bedrag aan meisies of vroue (wat dit andersins nie sou kon bekostig nie) verhuur.

### Susanna Smit Studiefonds

In 2021 word drie studente die geleentheid gebied om by Serwalo Hair Academy te gaan studeer teen 'n gesamentlike koste van R220 000.

Ses meisies kwalifiseer vir 'n Bio Sculpture-beurs ter waarde van R90 000 elk.

Die Isa Carstens Akademie en Helderberg School of Beauty stel geleenthede ter waarde van onderskeidelik R120 000 en R30 000 beskikbaar vir studente om in 2022 met hul studies te begin.

Dankie aan elkeen van hierdie vennote wat deure tot 'n beter toekoms vir jong vroue oopmaak.

## Boesemvriendinne-projek







Die FroueVonds en die Kankerverening van Suid-Afrika (KANSA) snoer in 2021 kragte saam om vir vroue wat hul borste weens borskanker verloor het prosteses te brei.

Vanaf Mei tot Oktober 2021 het kranige Helpende Hand-vrywilligers en -ondersteuners in talle streke landwyd borsprosteses gebrei en gehekel. Hierdie prosteses word weer deur KANSA gebruik om hoop te saai in die lewe van borskankerpasiënte wat nie 'n silikonprostese of borsrekonstruksie kan bekostig nie.

In Oktober 2021, wat ook Borskankermaand is, is 1 421 prosteses ter waarde van R85 260 aan verskeie KANSA-kantore landwyd oorhandig, waarvandaan dit verder onder borskankerpasiënte versprei word.

Vroue wat gebrei het, het die vroue wat die prosteses gaan ontvang in hul gebede ingesluit en ook dikwels 'n kaartjie, teksvers of gebed saam met die prostese in die pakkie gesit. Wat 'n wonderlike geleentheid om nie net fisiese ondersteuning nie, maar ook geestelike ondersteuning te bied tydens die lang en moeilike pad van borskanker.

Dankie aan die Atterbury Trust en Wolwespruit PLTFRM wat ook die inisiatief ondersteun het deur tydens Vrouemaand (Augustus) met 'n fondsinsameling ten bate van die inisiatief te begin.

Helpende Hand-vrywilligers neem gereeld aan verskeie breiprojekte deel, aangesien dit 'n manier is om hul gawes en talente te benut en 'n verskil in hul medemens se lewe te maak. Veral ons bejaardes voel waardig wanneer hulle weet dat hulle steeds 'n verskil kan maak deur iets waarvoor hulle lief is in hul eie tyd te doen.

## HelpHetta-projek



In 2021 trek die HelpHetta-projek groter skoene aan en onderneem om 3 000 skoolgaande meisies kwartaalliks van sanitêre en higiëniese produkte te voorsien, maar om hulle ook op 'n holistiese vlak by te staan.

'n Navorsingstudie van Helpende Hand wat onder die 3 000 meisies gedoen is wat tans by die projek baat vind, dui daarop dat die meisies meer as net sanitêre produkte nodig het.

Volgens die navorsingstudie het die meisies onder meer maatskaplik-emosionele behoeftes aan motiveringspraatjies, bemoedigende dagstukkies, inligting oor selfbeeld, selfwaarde en hoe verhoudings werk, asook om geestelik ontwikkel te word.




Om in sekere van hierdie behoeftes te voorsien en meisies op 'n holistiese vlak te ondersteun, word die HelpHetta-WhatsApp-lyn ontwikkel. Daarop ontvang die meisies weekliks boodskappe wat deur 'n span bekwame maatskaplike werkers saamgestel is.

Die eerste EkIsWondermeisie-veldtog vind in Oktober 2021 saam met AfriForum se teenboelieveldtog by HelpHetta-skole in die Oos-Kaap plaas. Die doel van die veldtog is om meisies innerlik te versterk, aangesien innerlike boeliegedrag dikwels onder jong meisies voorkom. Die navorsing toon dat 43% van die meisies 'n behoefte het aan selfverdedigingsklasse. Atlas Sekuriteit in die Oos-Kaap word ingespan om meisies te leer hoe om hulself te beskerm en hoe om in 'n ongewenste situasie op te tree. Tydens die toer in die Oos-Kaap word bykans 1 000 meisies bemagtig.

Die navorsing toon verder dat 19% van die meisies (meestal graad elf en ouer) gemaklik is daarmee om 'n menstruasiekoppie te gebruik. Matriekmeisies wat deel uitmaak van die HelpHetta-projek word die opsie gegee om tydens die laaste versending van die jaar 'n menstruasiekoppie te ontvang. Die koppie het 'n leeftyd van vyf jaar, wat verseker dat meisies oor die weg sal kan kom met hul maandelikse siklus selfs nadat hulle skool verlaat en nie meer toegang het tot die produkte van die HelpHetta-projek nie. Daar word ondersoek ingestel na die verdere implementering van hierdie volhoubaarheidskomponent in die projek.




Voordat daar na meisies se emosionele en geestelike welstand gekyk kan word, moet daar eers aandag gegee word aan hul fisiese behoefte aan sanitêre produkte. Daarom is ons dankbaar vir getroue vennote soos die Imbalie Beauty-groep, Finesse Voelgoed Tydskrif, Laetitia Dee, Gretha Wiid, Lynette Beer en elke ander vrou wat op die een of ander tyd 'n pakkie sanitêre produkte geskenk het.



Ook besondere dank aan Bio Sculpture wat met die EkIsWondermeisie-veldtog en elke ander skoolbesoek in 2021 geskenke geborg het.

Die HelpHetta-projek funksioneer onder die vaandel van die FroueVonds.



# Seniors-in-aksie



Ons seniors lê Solidariteit Helpende Hand baie na aan die hart. Hulle is een van ons kwesbare groepe, en hulle welstand is vir ons 'n prioriteit. Ons landwye Helpende Hand-vrywilligers is ook baie lief vir die senior burgers. Hulle gaan kuier gereeld by die plaaslike tehuis op die dorp of nooi 'n kunstenaar om te kom sing en deel kolwyntjies uit.

Ons het lank gewonder hoe ons méér kan doen as net kolwyntjies uitdeel, iets wat 'n blywende impak sal maak.

In 2019 het ons paaie met dié van Senior Mind Moves gekruis. Senior Mind Moves is 'n wonderlike program wat daarop toegespits is om 'n lewe van gehalte te verseker, selfs wanneer jy ouer word. Dit kan gedoen word deur nie te gaan "rus" wanneer jy aftree nie maar aktief te bly en betrokke te wees by jou familie en in jou gemeenskap.

Die Seniors-in-aksie-program is 'n praktiese herverpakking van die Senior Mind Moves-inligting en -bewegings. Streeks- maatskaplike werkers is opgelei as Senior Mind Moves-fasiliteerders. Dit stel hulle weer in staat om vrywilligers in die Seniors-in-aksie-program op te lei.

Die doel van Seniors-in-aksie is om vrywilligers in staat te stel om 'n uur lange prettige aanbieding vir 'n groepie seniors te doen. Tydens hierdie aanbiedings vind betekenisvolle gesprekke, boekvoorlesings en eenvoudige bewegings plaas om die brein helder, die sintuie wakker en die spiere sterk te hou. Dit lei uiteindelik tot 'n beter kwaliteit lewe en gelukkiger seniors.

Die maatskaplike span het reeds 121 vrywilligers opgelei wat opgewonde daarna uitsien om die seniors in hul gemeenskappe in 2022 te gaan dien met die Seniors-in-aksie-projek.



# HelpHoor

In Februarie 2021 sluit die Oorinstituut as 'n vennoot by die HelpHoor-projek aan. Met hul voetspoor van 18 takke landwyd verbreed hulle HelpHoor se voetspoor oornag, want seniors kan nou by enige van hulle takke 'n tweedehandse stel gehoorapparate kry.

Die Instituut vir Gehoor in Pretoria steek vir 'n tweede jaar hand op om te help met passings van tweedehandse gehoorapparate. Deon Ceronio, 'n oudioloog van Bloemfontein, en Yolande van der Westhuizen, 'n oudioloog van Centurion, sluit ook aan as vennote van die projek en verseker selfs 'n groter voetspoor.

Met die hulp van al die betrokke oudioloë en vennote ondersteun ons in 2021 'n totaal van 63 seniors met tweedehandse gehoorapparate wat gediens en aangepas is om met hul unieke gehoorverlies te help.

'n Stel gehoorapparate vir 'n senior is meer as net die geskenk van gehoor. Dit is die gawe om hul kleinkinders te hoor lag en speel, aan gesprekke met vriende en familie deel te neem en depressie onder senior burgers te verminder. Dit is 'n geskenk van vrolikheid en die gevoel van behoort op hul oudag.

Dankie aan elke oudioloog en organisasie wat hierdie projek moontlik maak.



# Tuisversorging

Solidariteit Helpende Hand, in samewerking met Gratia Via Akademie, bied vir die eerste keer in 2021 opleiding in tuisversorging aan. Dié tuisversorgingskursus is die eerste van sy soort en is in Maart bekendgestel. Die kursus fokus op die verskillende waardes wat vir tuisversorging geld, naamlik respek, etiese beginsels, om vir ander om te gee, uitnemendheid, professionalisme en integriteit en is meer omvattend as die minimum uitkomste wat die Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid vir dié soort opleiding voorskryf.

Talle instellings sukkel om akkreditasie vir verplegingskursusse te kry en hierdie opleiding in tuisversorging is 'n goeie eerste stap in die regte rigting vir enige student wat graag 'n verpleegster wil word. Die opleiding ondersteun ook een van Solidariteit Helpende Hand se fokusgebiede, naamlik opleiding. Opleiding is een van die sleutels tot gesonde gesinne asook gemeenskappe deurdat dit werkloosheid die hoof bied. Terselfdertyd word sterkpunte in gemeenskappe geaktiveer.

Altesaam 17 studente het in 2021 Helpende Hand se tuisversorgings-opleidingsprogram in Bloemfontein en Pretoria suksesvol voltooi en hul eksamens geslaag.

'n Mens besef eers die waarde van die bedryf die dag wanneer jy dit nodig het. 'n Mens het 'n versorger nodig wanneer gewone dinge nie meer gewoon is nie – van badkamer toe gaan tot eet. Nou kan 'n bejaarde of gestremde persoon teen 'n bekostigbare prys in Afrikaans deur 'n goed opgeleide persoon versorg word, en 'n gesin het ook gemoedsrus omdat hulle weet dat hul geliefde goed versorg word.

Meer nog, elke student wat die kursus suksesvol voltooi, beskik oor 'n tersiêre kwalifikasie en behoort daarmee te kan werk kry. Die opleiding sal in 2022 in Pretoria, Bloemfontein, Krugersdorp, Port Elizabeth en die Paarl aangebied word.







# StopHonger

Die StopHonger-projek is steeds een van Solidariteit Helpende Hand se vlagskip-projekte vir armoedeverligting. Dit dien as sambreel vir Solidariteit Helpende Hand se voedingskemas, insluitend die Kosblikkie- en HelpJag-projek.

Die StopHonger-projek groei jaarliks met nog meer vennote en donateurs wat hierdie projek verstaan en wil bydra.

Elke aand is daar kleuters wat honger gaan slaap omdat hulle ouers dit net eenvoudig nie kan bekostig om vir hulle kos te voorsien nie. Die StopHonger-projek is daarop gemik om te sorg dat daardie kleuters gereeld 'n voedsame bord kos inkry. Tans is meer as 8 000 kleuters deel van Solidariteit Helpende Hand se voedingskema. Die StopHonger-projek versorg hulle deur behoeftige kleuterskole te ondersteun met koopbewyse om kos aan te koop.

Joe Vermeulen en sy span het die Afrikaanse Kerssangfees in 2021 vir die vierde opeenvolgende jaar in Perth, Australië aangebied ter ondersteuning van die StopHonger-projek en R150 000 ingesamel. Almal wat die konserte bygewoon het, was dit eens dat dit 'n Kersfeesbelewenis was wat hulle nooit sal vergeet nie. 'n Groot dankie aan die Perth-Kersfeesspan en al die borge wat die geleentheid moontlik gemaak het!

Die Afrikaanse sanger Willem van der Ryst het ons bederf met 'n enkelsnit genaamd "Gee 'n Bietjie". Die lied het gehelp met fondsinsameling en bewusmaking van hongersnood. Dit was 'n suksesvolle inisiatief wat saam met Vonk Musiek aangepak is. Willem sing: "In die ogies van die kinders is hoop nog steeds daarbinne dat hul môre dalk iets te eet kan kry."

Boerboel Wear en die musiekgroep JAN JAN JAN het die StopHonger-projek ondersteun met die lied "Die RSA is in my DNA". Dié lied is net om een rede geskryf

















(en 'n musiekvideo daarvan gemaak) en dit is om uit te basuin dat ons as Afrikanerkultuurgemeenskap hier hoort en behoort en dat ons na mekaar en onsself moet omsien. Die video is al meer as 140 000 keer op YouTube gekyk.

Boerboel het T-hemde met die lied se naam op verkoop ten bate van die StopHonger-projek. Helpende Hand het die geleentheid gebruik om die boodskap onder ons takke en streke te versprei en hulle deel te maak van die nasionale projek, en meer as R50 000 is al geskenk.

In die dokumentêr "Die RSA is in my DNA – Jou Huis is Hier" het Solidariteit Helpende Hand meer vertel oor maatskaplik gebaseerde gemeenskapsontwikkeling en die holistiese welstand van die mens. Ons het ook verduidelik hoe projekte soos StopHonger daarby inpas.

# Finesse Voelgoed-tydskrif en Carpe Diem Media

Finesse Voelgoed Tydskrif en Carpe Diem Media is nie net mediavennote van Helpende Hand nie maar is deel van die Helpende Hand-familie. Hulle het weereens kragte saamgesnoer om ons met fondsinsamelings te help en gee ook 10% van hulle inkomste vir die Skooltassieprojek, Kosblikkieprojek, FroueVonds en HelpJag-projek. Ons is dankbaar om steeds deel te wees van hierdie vennootskap wat oor die jare gegroei het en nog baie projekte vir die toekoms beplan.

In 2021 was Helpende Hand deel van die volgende funksies en projekte:

- **Nuwe Jy-bootcamp**
  'n Goeie balans tussen jou werk, huis en gesondheid is die kern van 'n goeie leefstyl. Die Nuwe Jy-bootcamp bemagtig vroue om 'n gesonder, meer gebalanseerde leefstyl te ontwikkel.








- **Klub50-funksie**
  Die Klub50-funksie is spesifiek op vroue ouer as 50 gemik. Lewenslesse, motiveringspraatjies, voorbeelde en aksie verseker 'n beter ouer jy! Vroue het meer selfvertroue in hierdie "vaal" lewensfase en maak seker dat ander dit weet!






- **MansGenoeg**
  Hierdie funksie is as gevolg van Covid-regulasies aanlyn vir die publiek aangebied. Hier het ons ook die geleentheid gehad om oor Solidariteit Helpende Hand te gesels, en 10% van die inkomste is aan Solidariteit Helpende Hand se HelpJag-projek geskenk.










- **OulikeMa-bederfdag**
  Die doel van die funksie is om vroue daarvan bewus te maak dat dit onnodig is om jou met ander vroue en mammas te vergelyk. Leer eerder om 'n ma en vrou te wees sonder verwagtings, voorwaardes en veral skuldgevoelens.








- **EkwilEkkanEksal**
  Finesse en Virseker se EkwilEkkanEksal-konferensie is die geleentheid van die jaar vir persoonlike groei, spesiaal ontwerp om te inspireer, motiveer en jou manier van dink te verander.



# Life Esidimeni

Deur René Roux



Die staat het versuim om die kwesbaarste lede van die samelewing te beskerm en het 'n aktiewe rol gespeel in 144 psigiatriese pasiënte se dood.

Vir baie mense voel dit asof die tragedie al baie lank terug gebeur het, maar vir die geliefdes van hierdie 144 slagoffers is dit nou tyd dat regverdigheid moet seëvier. In 2016 het die Gautengse Departement van Gesondheid ongeveer 1 400 psigiatriese pasiënte van Life Esidimeni na verskeie nieregeringsorganisasies geskuif ten einde onder meer geld te spaar. Dít ten spyte van bewyse dat verskeie fasiliteite ongeskik vir menslike verblyf was, asook waarskuwings van kenners dat die pasiënte nié geskuif moes word nié.

Op 19 Julie 2021 was dit my plig, as woordvoerder van Helpende Hand, om te sit en luister na verhale van verdriet en dan ook hul stem te wees in die media. Met die eerste mediavergadering word al 144 slagoffers se name hardop gelees en die voorsitter wat dit moet voorlees, moet elke nou en dan 'n traan van haar wang afvee, diep asemhaal en aangaan. Die rou en die seer is nog lewend tussen ons ná afloop van hierdie tragedie, een van die ergste menseregteskendings wat ons nog gesien het. Daarom het Solidariteit Helpende Hand reeds vier families in die bemiddelingsverhoor verteenwoordig en staan vir De Villiers tydens die GDO by. Soos wat elke naam gelees word, verskyn daar foto's van die slagoffers op my rekenaarskerm. Foto's van kinders, mammas, pappas, oumas, oupas, broers en susters wat aan die hand van die staat tydens hierdie haglike omstandighede gesterf het.

144 gesigte, 144 name, 144 móórde. 'n Mens kan nie net anderkant toe kyk as dit kom by hierdie saak nie. Hierdie mense kan nie vir hulle self praat nie – ons moet hulle stem wees. Tans is ons land in 'n donker tyd, en juis tydens hierdie donker tye moet ons opstaan vir die mense wat nie vir hulself kan opstaan nie; ses jaar later sal ons steeds aanhou veg vir hierdie gesinne se seer. Die staat moet luister na hierdie families se hartseer en na hulle vrae. Dit is nou tyd dat die persone wat verantwoordelik was die nodige straf dra.

Gedurende die arbitrasie is al hierdie hartseer voorgelê. Die proses wat nou gevolg moet word, moet in diepte ingaan op al die feite om te verseker dat die mense wat hierdie moorde gepleeg het, verantwoordelik gehou word vir hulle dade – dit is tyd vir geregtigheid om te geskied.

Dit is een van die grootste stappe wat die families moet neem. Dit is emosioneel en krap weer ou wonde oop, maar dit is belangrik en boonop nodig. 144 mense met verstandelike gestremdhede het hulle lewe verloor, hulle is dood aan die hande van die mense wat hulle moes beskerm. Hulle stories maak saak en moet gehoor word. Ons mag nie vergeet nie en die staat moet verantwoordelik gehou word hiervoor.

Solidariteit Helpende Hand en AfriForum se privaat vervolgingseenheid staan tans vir Sandra de Villiers by in die geregtelike doodsondersoek (GDO) ná die dood van haar broer, Jaco Stols, in 2016 tydens die Life Esidimeni-tragedie. Adv. Phyllis Vorster, aanklaer by die privaat vervolgingseenheid, is ingevolge ’n waaksaamheidsopdrag aangestel om De Villiers namens Helpende Hand tydens die GDO by te staan.

Stols het verhonger in die fasiliteit waarheen hy geskuif is. Hy is eers – op aandrang van De Villiers – gehospitaliseer toe hy 39 kg geweeg het, en toe was dit reeds te laat om hom te red. Staatsamptenare het nie eers die nodige toestemming van Stols se naasbestaandes gekry om hom te skuif nie, en De Villiers is aanvanklik ook nie toegelaat om hom by die nuwe fasiliteit te besoek nie. Mag Jaco Stols se stem gehoor word al is hy nie meer hier nie.

Die verhaal van Frans Dekker breek my hart. Hier volg Frans Dekker se storie:

Frans Dekker het as ’n motorwerktuigkundige gewerk. Hy was ’n lewenslustige mens wat daarvan gehou het om partytjie te hou. Een aand is hy in ’n ernstige motorongeluk beseer, wat hom met permanente breinskade gelaat het. Volgens sy suster Magdalena kon hy nie meer behoorlik loop, praat of eet nie.

Ná die tragedie het Magdalena gesukkel om ’n fasiliteit op te spoor om na Frans om te sien. In 2003 het sy uiteindelik vir hom plek by Life Esidimeni in Randfontein gekry. Magdalena sê dat sy Frans aan die begin van sy verblyf by Life Esidimeni gereeld besoek het, maar toe verhuis sy na Noordwes. Sy en haar man is uitmekaar en sy het ’n werk in dié provinsie gekry. Magdalena sê dat sy ten spyte van haar situasie, een maal ’n week vir Frans gebel het om uit te vind hoe dit met hom gaan en dat sy ook so gereeld as moontlik vir hom gaan kuier het.

Op ’n dag in 2015 wou sy vir Frans gaan kuier. Sy het hamburgers en malvalekkers saamgevat, maar een van die wagte wou haar nie inlaat nie. Hy het gesê daar is niemand daar nie. Magdalena het haar vervies en op die wag geskreeu dat haar boetie daar bly.

Daarna het Magdalena drie weke lank na Frans gesoek. Sy was buite haarself omdat sy na haar werk in Noordwes moes terugkeer, en dit het ontelbare oproepe gevat om hom op te spoor.

Uiteindelik het sy hom opgespoor by die niewinsgewende organisasie, Tshepong. Hy was in ’n haglike toestand, en wat haar die meeste ontstel het, was die feit dat niemand oënskynlik in besit van sy mediese rekords was nie.

’n Verpleegster het vir Magdalena gesê Frans wil nie eet nie.
Sy het gesê hulle het ’n appel langs sy bed neergesit, maar hy wil nie daaraan wil raak nie. Magdalena het toe vir die verpleegster ingelig dat Frans nie self kan eet nie; hy kan niks met sy hande optel nie en moet gevoer word.

Twee weke later is Frans in die hospitaal opgeneem. Magdalena wou bitter graag van Noordwes af terugkom om hom te kom besoek, maar sy het nie geld vir vervoer gehad nie. 'n Vriendelike dokter het haar wel die geleentheid gegun om met hom op sy selfoon te praat.

"Ek wil huis toe gaan," het Frans vir sy suster gesê. "Ek is lief vir jou."
"Ek is lief vir jou ook," het sy geantwoord.
Dit was die laaste keer wat hulle gesels het.

Magdalena sê dit voel of haar hele wêreld ineengestort het. Toe sy haar boetie se lyk gaan uitken het, het die verpleegster vir haar gesê: "Jou broer is nommer 97." Magdalena het nie verstaan wat sy bedoel nie; dit was die eerste keer wat sy van die Life Esidimeni-tragedie te hore gekom het. Frans was die 97ste persoon wat gesterf het.

Tot vandag toe het Magdalena geen idee hóé Frans oorlede is nie. Hy is begrawe sonder dat enige iemand haar ingelig het, en sy kan nie sy graf opspoor nie.

Magdalena sê sy kan nie verstaan hoe hulle so iets kon doen aan iemand wat nie eens kon praat nie, wat nie eens om hulp kon vra nie. Sy sê die mense wat die besluit geneem het om die pasiënte te skuif, gaan aan met hulle lewens terwyl hare in duie gestort het. Frans het verskriklik gely en hulle het hom net begrawe. Sy wens sy kan net 'n blom op sy graf gaan sit.



# Omgeemark

'n Boer maak 'n plan. Solidariteit Helpende Hand het saam met Sakeliga Kragdag 'n ekspo gehou om klein ondernemings te ondersteun wat gewoonlik op feeste en markte hul brood verdien. Met die Omgeemark wou ons vir entrepreneurs wat by markte uitstal of hul handgemaakte items van die huis af verkoop die geleentheid bied om die jaar op 'n goeie noot af te sluit. Dit was voorwaar 'n suksesvolle week!
















# Finansies

## Koue winters moet 'n bietjie son kry

Ek hou niks van die begin van die jaar nie. En nie om die redes wat jy vermoed nie - nie omdat alles weer van voor af begin en dat 12 betaalstate weer afgehandel moet word voordat ons twee weke lank kan gaan rus en voorberei vir die begin van nog 'n jaar nie. Nee, ek hou niks van die begin van 'n nuwe jaar nie, omdat ek weet daar lê al weer 'n koue winter voor. Ek hou niks van koudkry nie. Ek hou niks van honger wees nie. Ek hou nie van die gevoel van mistroostigheid en hoe vaal alles in die winter is nie. Ook nie van die feit dat ek net soveel koppies koffie kan drink as wat ek wil en dit my nie warm genoeg kan maak nie. Hoeveel te meer moet mense wat swaarkry nie opsien teen die winter wat hulle elke dag in hul lewens ervaar nie.

Mense wat swaarkry, beleef elke dag die winter van alleen wees, sukkel, mense wat nie omgee nie, mense wat nie verstaan nie … Dis ouers wat nie vir hul kinders 'n bord kos kan gee nie, 'n mamma wat nie vir haar kind 'n tassie vir sy eerste skooldag het nie, 'n bejaarde wie se pensioen net nie genoeg is om vir 'n blyplek te betaal of om elke dag te eet nie, 'n kind wat kan en so graag wil leer en groei, maar net nie vir studies kan betaal nie. En skielik klink my opsien teen die winter se vaal mistroostigheid belaglik en kleinlik. So materialisties en simpel.

Ons mense beleef daagliks "koue winters". Dit is ons roeping by Helpende Hand om ons mense "warm te maak". Ons moet omgee en help; ons moet luister en verstaan. Ons moet sorg dat geen kind honger gaan slaap nie en dat elke graadeentjie 'n gelyke kans het op goeie opvoeding. Ons moet bejaardes en gestremdes veilig kan hou en ons moet voornemende verpleegsters, maatskaplike werkers en onderwysers vlerke gee met 'n studielening. ONS MOET.

Ons donateurs en vrywilligers is vir ons van kardinale belang. Hulle is die warm son vir ons mense wat swaar kry. Hulle is die strale wat die ysblokkies help smelt en Helpende Hand sterk maak om gemeenskapsontwikkeling in ons Afrikanerkultuurgemeenskappe te bewerkstellig om uitkoms te gee, om 'n somer van hoop, vooruitgang en 'n toekoms te gee.

Ons finansiële span is nederig dankbaar vir elke liewe bydrae, hoe gering ook al. Sonder bydraes sou die winter vir ons mense net al kouer word, en vir party sal dit nooit ophou nie. Ons is dankbaar vir elke bydraer wat ons bystaan om 'n verskil te maak. Dit is voorwaar 'n voorreg om elkeen van hulle aan ons somerkant te hê! Ons is dankbaar!



# Menslike hulpbronne

In 'n organisasie wat fokus op die maatskaplike welstand en ontwikkeling van ons gemeenskappe word die personeel se welstand maklik afgeskeep. Solidariteit Helpende Hand se Menslike-hulpbronafdeling fokus daarom hoofsaaklik op ons personeel se welstand. Ons sien toe dat hulle ook na hul eie ontwikkeling en welstand omsien en nie net in ander se behoeftes voorsien nie.

In 'n uitdagende jaar soos 2021, waartydens die maatskaplike behoeftes in die Afrikanergemeenskappe gegroei het, is daar al hoe meer staatgemaak op organisasies soos Helpende Hand. Dit maak dit net nog belangriker om nie slegs die beste aanstellings te maak om in die groeiende behoefte te voorsien nie maar om ook te sorg dat ons huidige personeel optimaal ontwikkel en opgelei word.

# Nasionale takke

## Akademia Helde

Akademia Helde, Solidariteit Helpende Hand se nasionale tak vir Akademia-studente, het sedert September 2021 goeie groei getoon. Tans is daar vier Akademia-studente op die dagbestuur, nege projekleiers en twee-en-twintig vrywilligers. Aandag is opnuut geskenk aan bemarking en die Facebook-blad. Studente vanuit ander dorpe wil ook by die Akademia-helde tak betrek word wat ook by die projekte van plaaslike takke kan aansluit.

Die tak is op 29 April 2021 tydens 'n spoggeleentheid op die Akademia-kampus in Centurion gestig. Die stigtingsgeleentheid is regstreeks op Akademia se YouTube-kanaal uitgesaai en studente kon van reg oor die land inskakel.

Die eerste takvergadering is op Maandag 26 Mei op Akademia se kampus gehou. Tydens daardie vergadering het die dagbestuur opleiding ontvang oor hul onderskeie portefeuljes.

Een van die projekleiers het in Julie tydens die studenteraad se spaarmaand-uitdaging met 'n lekker projek begin waarin sy studente uitgedaag het om klere en ander items by 'n Ons Winkel te koop om die Ons Winkels te ondersteun. Sy het hulle ook aangemoedig om tweedehandse items aan hul naaste Ons Winkel te skenk.



































Projek Brei100 waarby al die projekleiers en dagbestuur betrokke was, het in Augustus afgeskop. Ons het 'n lekker breigids saamgestel met handige wenke, skakels na oulike breivideo's en 'n maklike breipatroon vir 'n lekker dik serp. Ons het ook met tehuise vir bejaardes kontak gemaak om uit te vind of ons ouer persone by die projek kan betrek.

Op 4 September het agt van die Akademia Helde saam met Helpende Hand deelgeneem aan die gemeenskapsontwikkelingsprojek in Brits. Drie Akademia Helde het by Akademia se opedag gehelp om die Helpende Hand-stalletjie te beman; ons het met voornemende studente oor ons tak gesels en nog drie taklede gewerf.

Ons het reeds groot planne vir 2022, insluitend 'n pretstap en geskiedenistoer by die Voortrekkermonument. Ons wil ook graag nouer skakel met die Sol-Tech-studente en gesamentlike projekte aanpak, byvoorbeeld om tweedehandse handboeke vir medestudente in te samel.

Daar word reeds beplan om die Akademia Helde-tak uit te brei. Ons wil graag die studente wat by die onderskeie studiesentrums inskakel ook betrek by Helpende Hand-projekte in hulle onderskeie gemeenskappe. Ten spyte van al die Covid-uitdagings was 2021 vir ons 'n jaar vol hoogtepunte en ons sien met groot verwagting uit na 2022!

Wat 'n besige, opwindende jaar was 2021 nie — vol lekker uitdagings en spesiale projekte. Die Nasionale Motorfietsklub het weer gegroei en ons sluit die jaar af met groot dankbaarheid vir baie genade en drie Solidariteit Helpende Hand Motorfietsklubs, een elk in Pretoria, die Wes-Kaap (Witsand-omgewing) en aan die Wes-Rand (Roodepoort-omgewing).




Die projekte wat vir ons die hoogtepunt van die jaar was, kan soos volg saamgevat word:

- Bederfdag vir bejaarde vroue in Pretoria – As deel van Vrouemaand is die Danville-tannies bederf met 'n lekker ontbyt en hulle hare, naels en grimering is gedoen. Die projek was 'n gesamentlike poging van die Helpende Hand Pretoria-Oos- en Pretoria-Sentraal-streek.

- *Nappy run* in Riversdal, Wes-Kaap – In samewerking met die Wes-Kaap-streek is daar meer as 1 000 volwasse doeke geskenk aan twee ouetehuise in Riversdal. Ander motorfietsgroepe soos Proudly Meerkat het ook doeke geskenk. Dit was die tweede agtereenvolgende jaar wat hierdie projek aangepak is.

- Baadjierit *(Jacket run)* in Barrydale, Wes-Kaap – Ongeveer 90 motorfietsryers het hierdie projek ondersteun. Drie bakkievragte vol winterbaadjies is ingesamel vir behoeftige Afrikaners in die Wes-Kaap.

- Opkikkerfees – Ons Plek Volksrust – Ons het die Opkikkerfees in Volksrust ondersteun. Ons het 'n geestelike boodskap gebring en geskenke (teddies) oorhandig vir hul Kersfeesprojek.

- Kersfeesete vir Danville-tannies – Vir die sewende agtereenvolgende jaar is die tannies bederf met 'n heerlike Kersete by Revive Restaurant. Die 18 bejaardes het ook met komplimente van ons donateurs elk 'n geskenkbewys van R250 ontvang.

- HelpHetta-rit Wes-Kaap – Ongeveer 40 motorfietsryers het deelgeneem aan die rit om gemeenskappe daarvan bewus te maak dat die lewe elke maand vir ongeveer vyf dae lank vir duisende skoolgaande meisies tot stilstand kom omdat hul huishoudings nie sanitêre produkte kan bekostig nie. Die motorfietsryers het ruim bygedra tot die HelpHetta-projek. Die plaaslike media het 'n mooi berig geplaas met die opskrif "Motorfietsryers gee om".

- Skooltassieprojek in Randfontein – Saam met Helpende Hand Wes-Rand-tak het ons skooltassies aan die graad 1-leerders by  Laerskool Randfontein uitgedeel.





Die groep fietsryers, onder leiding van Corrie van der Westhuizen (derde van links) en Marlise Labuschagne (regs langs hom), was deel van die nagenoeg 40 fietsryers wat ruim geskenk het.
*Foto: Clive Pretorius*

# Motorfietsryers gee om

Clive Pretorius

Duisende skoolgaande meisies se lewens kom elke maand vir vyf dae tot 'n stilstand, omdat hul huishoudings nie sanitêre ware kan bekostig nie.

Om dié rede het 'n groep motorfietsryers van Solidariteit Helpende Hand se Motorfietsklub by 'n padstal buite Heidelberg bymekaargekom om bewusmaking oor dié probleem te skep, asook om sanitêre ware vir die #HelpHetta-projek af te laai, vanwaar dit deur Helpende Hand na verskeie plaaslike skole en instelling versprei gaan word.

Deur middel van die projek word sanitêre benodighede en ander noodsaaklike

Die projek het ten doel om meisies se waardigheid te beskerm en te verseker dat hulle elke dag skool, buitemuurse en sosiale aktiwiteite kan bywoon.

Corrie van der Westhuizen, president van die Wes-Kaap-klub het gesê hulle ondersteun graag Helpende Hand se nasionale projekte wat 'n verskil in die gemeenskap maak.

"Persoonlike higiëne is 'n platform vir die bemagtiging van meisies. Navorsing het getoon dat meisies wat nie sanitêre doekies het met tot 52 skooldae mis.

#HelpHetta help meisies om steeds skool by te woon en mis hulle nie op enige klas uit nie."

Mense wat die projek wil ondersteun en skenkings wil maak, kan Van der

**Ons bedank graag al ons vrywilligers, ondersteuners, donateurs, die Pretoria Bikers Council en Proudly Meerkat-motorfietsgroep asook elke motorfietsryer wat ons projekte ondersteun het. Sonder julle kan ons klub nie so suksesvol wees nie. Alle eer aan ons Hemelse Vader!**



# *Nasionale tak vir persone met gehoorgestremdhede*

Helpende Hand stig in Februarie 2021 'n nasionale tak vir persone met gehoorgestremdhede.

Die doel is om persone met gehoorgestremdhede te betrek by ons Helpende Hand-familie en hul gawes te ontgin sodat hulle op hul beurt weer 'n verskil in hul eie gemeenskappe kan maak. Dit is ook belangrik om bewusmaking te skep van die uitdagings waarmee persone met gehoorgestremdhede en hul gesinne soms gekonfronteer word. Die skep van 'n databasis met verskillende netwerkvennote en hulpbronne na wie hulle verwys kan word, is ook 'n prioriteit.

In Februarie 2021 ontvang die taklede opleiding in gebaretaal en besef weereens dat dit meer as net 'n taal is. Dit is 'n kultuur, 'n manier van lewe. Ons besef dat ons 'n taak het om die publiek daarvan bewus te maak dat dowes nie dom is nie.

Deur die loop van die jaar brei die tak uit deur kundiges in die veld van gehoorgestremdheid te betrek, insluitende oudioloë, onderwysers, maatskaplike werkers, die Nasionale Raad van Persone met Gehoorgestremdhede asook ouers van kinders met gehoorgestremdhede. Elkeen kom gee 'n stukkie van hul kundigheid en tyd om saam met die nasionale tak 'n verskil in die lewe van gehoorgestremde persone te maak.

Voortaan gaan takvergaderings ook tyd bestee aan inligtingsessies wat aangebied word deur verskillende taklede.
Dit sal verseker dat kennis in die tak










gedeel en toegepas word om doeltreffende ondersteuning aan die breë publiek te lewer.

In Oktober 2021 vat die nasionale tak hande met die Oorinstituut om ’n Gehoorbeskermingsdag by Sol-Tech aan te bied. ’n Span oudioloë van die Oorinstituut toets 99 studente en personeel van Sol-Tech se gehoor en verskaf waardevolle inligting oor hoe om gehoor in die ambagsveld te beskerm.

HelpHoor stuur verskeie bewusmakingsveldtogte via sosiale media van stapel en verskaf tweedehandse gehoorapparate aan ongeveer 63 persone. Helpende Hand help ook die Raad vir Persone met Gestremdhede om regstappe teen ICASA te doen.

Ons sluit die jaar op 30 November op ’n hoogtepunt af met ons Sing, Hoop, Weerklink-konsert. Die konsert se sentrale boodskap is dat persone met gestremdhede sê: "As ek kan, kan jy!" Ons bereik ongeveer 600 mense met die konsert wat by die Voortrekkermonument gehou is. Tydens hierdie geleentheid is die LIG (Liefde in Gestremdheid) Studiefonds ook bekendgestel. Dit bied aan studente met gestremdhede die geleentheid om verder te studeer. Die Helpende Hand Ons Winkels het die eerste R50 000 tot die fonds bygedra.

Die nasionale tak vir persone met gehoorgestremdheid is dankbaar vir die afgelope jaar se dienslewering aan persone met gestremdhede en vir hoogtepunte en nuwe geleenthede. Ons sien met verwagting uit na verdere groei en verdieping.






# Ons Plek Suidkus

In Julie 2021 is die Solidariteit Helpende Hand Suidkus-tak deur die enigste Afrikaanse laerskool aan die Suidkus, Suid-Natal Primêre Skool, genader om hulp te verleen aan ’n kleuterskool in die omgewing. Die kleuterskool, wat bekend gestaan het as Pikkie Preprimêr, het finansiële verliese gely en die laerskool kon nie verder hulp verleen nie. Dit het beteken dat die enigste Afrikaanse kleuterskool se deure sou moes sluit en dat die geboue deur die plaaslike munisipaliteit teruggeneem sou word. Solidariteit Helpende Hand het die geleentheid aangegryp om ons moedertaal vir ons nageslag te bewaar.

1 November 2021 kan as ’n hoogtepunt in die geskiedenisboeke opgeteken word. Op daardie dag is die kleuterskool amptelik as “Helpende Hand Ons Plek Suidkus” geopen en ’n opedag is terselfdertyd gehou. Die kleuterskool het tans 40 kinders tussen die ouderdomme van een en vyf jaar. Vier van die kinders ontvang finansiële korting; dit sal jaarliks geëvalueer word. Die personeel bestaan uit ’n akademiese hoof, ’n administratiewe hoof, twee onderwyseresse en vier assistente wat die onderwyseresse met die daaglikse werksaamhede help.

Nuwe netwerke is gevorm en die publiek het ingespring om die gebou weer op standaard te kry en te verf. ’n Sentrumkomitee bestaande uit afgevaardigdes uit die gemeenskap, ouers en Helpende Hand-personeel is verkies.

In die kort tydjie voor die skool vir die jaar gesluit het, kon die kleuters nog konsert hou en ons het vir hulle ’n Kerspartytjie gehou. Vir die skoolverlaters was daar ’n gradeplegtigheid; dit was ’n absolute hoogtepunt en is in groot getalle deur die gemeenskap bygewoon. Elke skoolverlatertjie wat die gradeplegtigheid bygewoon het, het ook ’n skooltassie met basiese skryfbehoeftes ontvang.



Hoogtepunte:

- Hoërskool Suid-Natal se 2022 leerlingraad het betrokke geraak by Ons Plek en wil in 2022 aanhou bydra tot projekte. Die hoofseun vir 2022 is self 'n voormalige Pikkie-kleuter.
- AfriForum ondersteun die instandhouding van die kleuterskool en ander projekte.
- 'n Gekwalifiseerde onderwyseres is aangestel.
- 'n Nuwe kurrikulum is geïmplementeer.
- Ná afloop van die opedag was daar positiewe terugvoer vanaf die gemeenskap oor Helpende Hand se betrokkenheid en daar is reeds agt nuwe inskrywings vir 2022.
- 'n Onderwyseres is 'n Helpende Hand-studielening toegestaan om haar in staat te stel om haar studies te voltooi.
- Meer as 120 persone het die konsert bygewoon.
- Die Round Table het 'n kontantbydrae vir die Kersboom gegee sodat elke kleuter 'n geskenk kon kry.

'n Eens hopelose en mismoedige Afrikaanse gemeenskap het nou weer moed en krag om voort te bou in hul moedertaal. Binne net drie maande het ons reeds baie bereik. Ons is opgewonde oor die verskil wat ons in 2022 gaan maak. Uit genade sal ons onderrig, nood verlig en saamstaan.












# Ons Plek Strand

Ons Plek Strand het in 2014 begin met 20 kinders in die naskoolsentrum en sewe in die voorskoolse klassie. Te danke aan talle netwerkvennote en die gemeenskap se bydraes, liefde, tyd, skenkings en omgee, was daar in 2021 in die voorskoolse klassie 12 kindertjies tussen drie en vyf jaar en 88 kinders tussen 6 en18 jaar in die naskoolsentrum.

Die doel van Ons Plek Strand se naskool-sentrum kan soos volg saamgevat word:

- Ondersteuning met huiswerk en take om prestasie op skool te verbeter
- Ekstra klasse en aktiwiteite vir verdere ontwikkeling
- Voorsiening van maaltye
- Vervoer vanaf die skool na Ons Plek
- 'n Veilige omgewing
- Werkskeppingsgeleenthede
- Holistiese benadering tot hulpverlening aan die hele gesin

Vanjaar spog ons ook met 'n eie Ons Plek Strand-koor wat bestaan uit ons eie leerders wat deur 'n lid van die gemeenskap afgerig word en waarop ons baie trots is!

Daar is tans vier voltydse personeellede. As gevolg van Covid het ons getal vrywilligers van 34 afgeneem na 6 in 2021, maar gedurende Covid het ons ook die krag ervaar van mense se bydraes in die vorm van finansies en kosskenkings. Individue, selgroepe, instansies en maatskappye se ruim skenkings het gesorg dat ons elke dag vir die kinders 'n ordentlike bord kos kon voorsien.
















Ons is veral dankbaar vir die Luxembourg Foundation se ruim skenking van R200 000 wat ons in 2021 vir die derde agtereenvolgende jaar ontvang het.

In samewerking met ons netwerkvennote kon Ons Plek Strand 'n seun se koshuisgeld by HTS Drostdy in Worcester betaal. Die seun vorder goed en vorm steeds deel van Ons Plek gedurende vakansies. Ons kon ook sewe kinders in spesiale skole en graad R se skoolfonds betaal, en ons kon die eerste student uit ons gemeenskap se daaglikse koste by die Universiteit Stellenbosch dek.

Ons Plek Strand glo nie net aan onderrig vir kinders nie maar ook aan onderrig vir volwassenes. Ons het in 2021 twee van ons ouers se kursusse in versorging by Masincedane gefinansier. Om die gemeenskap se armoede te verlig, help ons ouers ook met bestuurslesse en om lisensies te kry, en met die opstel van hulle CV's.

Te danke aan die Douw Steyn Trust se groot skenking kon Ons Plek Strand ook gedurende die jaar ons gesinne en die mense van Kays Karavaanpark bystaan met kospakkies. Niewinsgerigte organisasies soos die Strand Buurtwag, NG-gemeentes en ouetehuise het ook gebaat by die kosskenkings. Laastens bied Ons Plek ook arbeidsterapie, sielkundige ondersteuning, spelterapie, berading en evaluering vir skoolgereedheid vir kinders aan.

Ons Plek Strand wil almal bedank wat ons getrou ondersteun en in staat stel om van krag tot krag te gaan. Saam maak ons 'n verskil in ons kinders se lewe.

# Ons Plek Volksrust

In 2016 het Helpende Hand Volksrust-tak se voorsitter en vrywilligers die Ons Kleuterskool begin as ’n takprojek met vier voorskoolse kinders. Die doel van die projek was om milieugestremde Afrikaanse kleuters ’n beter wegspringplek te gee deur te sorg dat hulle skoolgereed is vir graad 1. Die projek is so positief ontvang deur die gemeenskap dat dit in 2020 as ’n Ons Plek gevestig is.

In 2021 het Ons Plek Volksrust deur verskeie groeifases gegaan met ’n splinternuwe span. ’n Nuwe bestuurder en drie voltydse personeellede is aangestel. Ons het die jaar afgeskop met 14 voorskoolse kinders. In Maart 2021 het ons nasorgdiens amptelik geopen met nege laerskoolleerders. Ons het in Desember 2021 gesluit met 17 voorskoolse kinders en 17 leerders in die nasorgsentrum. Gebalanseerde maaltye word aan die kleuters en leerders in die nasorgsentrum verskaf. Die etes word vier keer per week deur die gemeenskap geskenk en voorberei. Die kinders word ook van klere voorsien waar nodig. Die kleuters volg ’n voorskoolse kurrikulum om te verseker dat hulle skoolgereed is. Vervoer word ook voorsien om te verseker dat die kinders wel die diens ontvang.

Ons Plek Volksrust fokus op elke kind se holistiese ontwikkeling. Ons besef dat Ons Plek se sukses met die opvoeding van kinders van die hele gesin afhang, daarom moet al ons kinders se ouers ook ’n vriendelik verpligte ouerleidingsprogram bywoon wat deur twee plaaslike maatskaplike werkers aangebied word.  Ons voorskoolse kinders woon die Tina Cowley-leessentrum en Playball-klasse weekliks gratis by. Ons werk ook nou saam met ’n spraakterapeut, spelterapeut, arbeidsterapeut, dokter, tandarts en oogarts. Hierdie netwerkvennote stel ons in staat om topgehalte diens te lewer.

In 2021 het Ons Plek Volksrust en die Helpende Hand Volksrust-tak ’n baie suksesvolle Opkikkerfees gereël om fondse vir Ons Plek in te samel. Ons fees is deur bykans 800 mense bygewoon en het geëindig met ’n dans en ’n uiters suksesvolle veiling. Ons het ook deur die hele jaar kospakkies aan ons gesinne uitgedeel en lekker vakansieprogramme vir ons kinders aangebied.

Ons Plek Volksrust is gelukkig om deel te wees van ’n gemeenskap waar almal se harte, hande en beursies oop is. Ons omliggende areas en plaaslike instansies hou ons hande sterk en ons deure oop sodat ons kan saamwerk om Afrikaner-armoede te verlig, te verbreek en te voorkom. Baie dankie aan elke individu wat die jaar saam met ons gegroei, gedroom en gebid het. Ons Plek Volksrust se sukses is almal se sukses.









# Ons Plek Derdepoort









Ons Plek Derdepoort bied tans naskoolsorg aan vir 65 kinders van graad 1 tot graad 11 uit agt skole waarvan twee skole vir buitengewone onderwys is. Die volgende dienste word gebied: vervoer na Ons Plek Derdepoort, gekookte etes, hulp met huiswerk, hulp met eksamenvoorbereiding, hulp met opsommings en ekstra vraestelle, terapie en etlike opvoedkundige skoolvakansieprogramme.

Vir Ons Plek Derdepoort was 2021 voorwaar 'n jaar vol seëninge. Dertien van ons kinders het terapie ontvang deur Ons Sentrum. Een van ons seuns het Gauteng-kleure vir taekwondo verwerf en een van ons meisies SA-kleure vir skopboks; sy verower ook die eerste plek in die afdeling vir kick-light.

Ons leerders het amper 50 sertifikate vir akademiese prestasie by die merietefunksies ontvang. Hulle verower ook altesaam vier trofees vir die beste prestasie in Wiskunde, Lewensvaardigheid, Afrikaans en Engels.

Ons Plek word geseën met 'n wonderlike skenking van energiebesparende ligte vir die saal en klaskamers deur Afrison LED. Hulle installeer dit ook vir ons. Kospakkies ter waarde van R130 000 is van Telesure ontvang, en Dewfresh skenk maandeliks melk ter waarde van R23 100. Dit is altesaam 'n allemintige bedrag van R277 200 vir die jaar.

Ons witstrik- en positiwiteitprojek was maar een van die hoogtepunte in 2021. Ons het positiewe woorde teen die heinings opgesit en die publiek genooi om vir hulle 'n woord af te haal en vir ons woorde op te sit. Ons het ook helde uit die gemeenskap, soos die metropolisie en brandweer, genooi en hulle bederf met heerlike worsbroodjies en kaartjies wat die kinders self gemaak het.

Lentedagfeesvieringe was inderdaad 'n fees. Die kinders het dit geniet om self blomme in die tuin te plant. Altesaam 300 plantjies is geplant.

Dean Chancy, 'n sanger van Texas, besoek Ons Plek en sëen ons met heerlike nartjies en toiletware vir die kinders.

Ons Plek Derdepoort bedank graag die gemeenskap, en in besonder Afrison LED, AfriForum Oos-Moot, Fonz's Grill, Oppiplaas Restaurant en Blits Hardeware vir al hulle hulp in 2021. Saam maak ons 'n verskil.

Ons sien daarna uit om in 2022 nog meer hande te vat en 'n nog groter verskil te maak.

# Ons Sentrum






Helpende Hand Ons Sentrum is Helpende Hand se heel eerste kinderterapiesentrum en het 'n uitstekende jaar beleef met vele uitdagings, maar ook met hope opwinding. Die Sentrum se slagspreuk is "Waar kindertrauma aangehoor en aangespreek word".

Die jaar het afgeskop met die aanstelling van een van 2020 se maatskaplikewerk-interns as voltydse terapeutiese maatskaplike werker. Ons Sentrum het ook weer twee maatskaplikewerk-interns aangestel wat onder leiding van dr. Louise Aucamp by FACT opgelei word. Hulle het terapeutiese sake van Ons Sentrum ontvang en hulle praktiese ure onder streng toesig voltooi. Ons Sentrum beskik dus oor twee voltydse, gekwalifiseerde terapeutiese maatskaplike werkers en twee maatskaplikewerk-interns wat 'n jaar praktiese opleiding deurloop.Twee van Ons Sentrum se personeellede het ook gedurende die jaar hul meestersgraadstudies voortgesit.

Twee van die Ons Sentrum-personeel het gedurende Februarie opleiding in gebaretaal ontvang aangesien dit ons droom is om ook in die toekoms met kinders te kan werk wat gehoorgestremdhede het.

Die bestuurder van Ons Sentrum het gedurende Maart die leiding geneem met die aanbieding van die jaarlikse Wil-om-te-Help-werkswinkel. Die werkswinkel fokus daarop om professionele mense op te lei en aan te moedig om hulle kliënte holisties te behandel. In 2021 is die werkswinkel vir die eerste keer in vier provinsies aangebied, naamlik in Gauteng (Pretoria), Mpumalanga (Witbank), die Wes-Kaap (Kaapstad) en die Vrystaat (Bloemfontein).

Ons Sentrum het gedurende Junie en Julie 2021 'n hoogtepunt bereik met ons verhuising na 'n splinternuwe perseel. Dit is dan ook amptelik Helpende Hand se eerste eiendom. Op dié perseel kon 'n omgewing geskep word waar kinders vry en gemaklik kan voel om hul trauma te bespreek. Daar is ook wonderlike potensiaal om in die toekoms 'n omgewing te skep waar kinders hulle huiswerk en oefeninge kan doen. Ongelukkig is daar reeds drie keer by die perseel ingebreek nog voordat die span ingetrek het. Dit het natuurlik gelei tot vertragings en finansiële uitdagings om al die skade te herstel. Die terapeute het ten spyte van die uitdagings ingetrek en net 'n week later reeds kinders gespreek. Op 20 September 2021 is die sentrum amptelik geopen. Ons Plek Derdepoort se kinders sal voortaan hierheen kom vir terapie by Ons Sentrum se terapeute.







Een van die terapeute was meer as 'n maand lank buite aksie nadat sy haar rug en stuitjie gebreek het. Sy het gelukkig herstel en het mettertyd voortgegaan om dienste aan kinders en gesinne te lewer.

Vanaf Augustus tot November het sowat 20 kinders spraakterapie ontvang by studente van die Universiteit van Pretoria. Twee kinders wat meer intense terapie benodig, is deur Ons Sentrum na die Pretoria-Noord Terapiesentrum verwys vir spraak- en arbeidsterapie. Omdat ons daarin glo om kinders op 'n holistiese wyse met hulle uitdagings by te staan, is verskeie kinders ook deur Ons Sentrum verwys na 'n oudioloog, neuro-ontwikkelingspediater, oogkundige en opvoedkundige sielkundige.

Die bestuurder van Ons Sentrum het met sowat 200 meisies by Laerskool Queenswood gesels oor die voorkoming van mishandeling.

Ons Sentrum se personeel was weer betrokke by Helpende Hand se HelpHetta-projek. Die terapeute het WhatsApp-boodskappe geskryf wat weekliks na sowat 200 meisies uitgestuur word. Die doel met die boodskappe is om die meisies te bemagtig met inligting, om hulle te verryk met onderwerpe waarin hulle belangstel en om hulle moed in te praat te midde van al die uitdagings waarvoor hulle te staan kom.

Ons Sentrum se bestuurder het 'n artikel geskryf wat in die tydskrif Finesse gepubliseer is en Maroela Media het 'n onderhoud met haar gevoer oor biologiese vaders se frustrasies om kontak met hul kinders te verkry.

Gedurende 2021 het verskeie skole kinders na Ons Sentrum verwys nadat die kinders dissiplinêr verhoor is en die skool aanbeveel het dat die kind en gesin terapeutiese dienste moet ontvang. Daar is deurentyd met die skool en onderwysers gekommunikeer en goeie verhoudings is so met skole gebou. Goeie bande is ook gebou met die kinderbeskermingsorganisasies wat graag kinders en gesinne na Ons Sentrum verwys.

**Die volgende statistiek vir 2021 kan weergegee word:**

- 51 sosio-emosionele kinderassesserings is gedoen
- 11 interaksionele ontledings is gedoen
- 492 kinders is bedien
- 355 terapiesessies is gedoen
- 88 WhatsApp-boodskappe is geskryf vir die HelpHetta-meisies

Dit is duidelik dat Ons Sentrum al diep spore getrap het en vertroue in die gemeenskap gebou het en dat daar 'n al hoe groter behoefte is aan terapeutiese dienste.



# Bewegingskakeling en ledewelstand

## Welstand van Solidariteit-lede

Lede in hoofsaaklik die verdedigings- en lugvaartbedryf is deur 2021 ondersteun omdat werknemers van onder andere Denel en South African Airways Technical (SAAT) nie salarisse gekry het nie.

Dit is vir Solidariteit Helpende Hand belangrik om holisties na ons lede se welstand om te sien, daarom fokus ons op die geestelike, fisiese, sosio-ekonomiese en kulturele aspekte van welstand. Die lede voel kultureel geborge by Solidariteit, want ons sien ook om na die lid in sy werkplek deur navrae oor arbeidsverhoudinge en arbeidsregsaksies te hanteer. Daar word fisies na lede se welstand omgesien deur kospakkies te voorsien. Vierhonderd-een-en-negentig kospakkies is versprei.


| Maatskappy | Waarde van die kospakkies |
|---|---|
| Denel | R446 110 |
| SAAT | R23 000 |
| Individuele lede | R22 000 |
| Totaal | R491 110 |

Gesinne is op geestelike en emosionele vlak ondersteun deur hulle te verwys na beraders in hulle gemeenskappe en na ondersteuningsnetwerke in kerke. Solidariteit Helpende Hand se maatskaplike werkers het lede ondersteun deur hulle op werksoeklyste te plaas en die gemeenskap bewus te maak van hulle behoeftes.

### Navorsing oor die welstand van Solidariteit-lede

Die navorsing is aan die einde van Augustus voltooi en die finale verslag is aan die begin van Oktober deur Nicolien Welthagen van die Solidariteit Navorsingsinstituut vrygestel. Daar is spesifiek gefokus op die agt aspekte van welstand, naamlik geloof, gesin (sosiaal), beroep (werk), finansies, opleiding, maatskaplike welstand, fisiese welstand en kultuur. Die studie verskil van Solidariteit Helpende Hand se welstandontleding in die sin dat dit slegs onder Solidariteit-lede gedoen is en dat daar meer op die arbeids- en werksaspek gekonsentreer is.

### Opsomming van die resultate van navorsing oor die welstand van Solidariteit-lede




Die figuur hierbo is 'n grafiese uitbeelding van 'n oorhoofse indeks uitgebeeld as 'n finale punt uit tien vir elke aspek van welstand soos dit in die vraelys gemeet is.

### 'n Baie kort opsomming

Geloof is vir byna al die respondente **(96%)** belangrik en **95%** beskryf hulleself as Christene. Byna al die respondente **(96,8%)** sal hulleself as Afrikaners beskryf en **94,2%** is trots daarop om 'n Afrikaner te wees. Van die respondente werk **84,1%** voltyds. Meer as driekwart **(77,9%)** van die respondente dui aan dat hulle gelukkig is in hulle beroep en daar is nie 'n verskil tussen mans en vroue nie. Tweederdes van die respondente **(61%)** sê dat hulle 'n privaat pensioenfonds of annuïteite het. Ongeveer driekwart van die respondente **(74,3%)** het 'n omvattende mediese fonds terwyl **10%** nie 'n mediese fonds het nie. Meer as die helfte **(53%)** van die respondente dui aan dat hulle nie by hulle gemeenskap betrokke is nie. Dié wat betrokke is, is hoofsaaklik by die kerk **(16,1%)**, gemeenskapsveiligheid **(7%)** en die skool **(7%)** betrokke.
**Die volledige verslag is beskikbaar by Solidariteit Helpende Hand of die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI).*

### Bewegingskakeling

Dr. Wikus Buys het die Begrond Instituut aan verskeie van die Solidariteit Beweging se instellings bekendgestel en besoeke gekoördineer. In Februarie 2021 stel hy die *Bougrond-studiebundel* vry en stel dit bekend aan studente by Bo-Karoo Opleiding in Orania. Saam met die Hoof: Maatskaplike ontwikkeling besoek hy verskeie bewegings en instellings om inligting te deel oor Solidariteit Helpende Hand se werkswyse en die ondersteuning wat ons kan bied.

Studentewelstand is 'n brandpunt en 'n werkswinkel oor die welstand van studente in al die instellings van die Solidariteit Beweging word beplan vir 2022. Gesprekke oor samewerking is reeds met Akademia se studentewelstandspan geïnisieer.

Sonder die samewerking van Bewegingsinstellings soos Solidariteit, Akademia en die Begrond Instituut vir Christelike Grondslagstudies sou ons nie ons gemeenskappe op so 'n groot skaal suksesvol kon ondersteun en bemagtig nie. Daarom spreek ons ons hartlike dank uit teenoor Solidariteit se adjunkhoofsekretarisse, organiseerders en dienskantoorpersoneel wat betrokke is by die verdedigings- en lugvaartbedryf. Dit is 'n riem onder die hart om te sien hoeveel Denel se verteenwoordigers vir hulle lede omgee, en dit gee hoop aan moedelose werknemers. Dr. Wikus Buys het met deernis en baie wysheid Bo-Karoo-studente se vrae beantwoord. Sonder die krag, hulp en baie genade van die Here sou ons glad nie ons roeping van gemeenskapsontwikkeling kon uitleef nie.

## *Aan Hom alle eer!*







# Wes-Kaap

Vir die Wes-Kaap-streek was 2021 'n uitdagende en ook opwindende jaar van groei en gee. Die jaar het geëindig met 15 sterk takke waarvan die RunForHope-tak 'n nuutgestigte tak is. Ons het ook 11 dorpsverteenwoordigers in die hele Wes-Kaap. Daar is dus 'n totaal van 26 kontakpunte waar daar 'n verskil gemaak word. Ons Winkels het gegroei met vyf nuwe winkels, naamlik Hermanus, Bredasdorp, Grootbrak, Kaapstad Aanlyn en Stellenbosch. Daar is 265 nuwe ondersteuners gewerf hierdie jaar.

Die volgende nasionale projekte is deur die takke in die Wes-Kaap ondersteun: Bemagtig-'n-kind, Kosblikkie, Skooltassie, HelpHetta, Studiefondse, Tekkies & Toks, en Boesemvriendinne waar prosteses vir KANSA-pasiënte gebrei is.

In 2021 is 396 streeks- en takprojekte ter waarde van ongeveer R3 306 395 (R3,3 miljoen) aangepak.

Die volgende projekte het vanjaar uitgestaan:

- Daar is vir die eerste keer 'n studiefonds-donateursfunksie aangebied. Donateurs het die betrokke aand van die studente ontmoet en ook hulle getuienisse gehoor.
- Die streek het vir die eerste keer 'n gholfdag aangebied en R60 000 ingesamel.
- Die veldmark is vir die tweede keer baie suksesvol aangebied.
- Die RunForHope-projek is vir die eerste keer aangebied.
- Christo van der Berg het in agt dae agt maratons gehardloop en ongeveer R73 000 vir Helpende Hand ingesamel.
- In Mosselbaai is twee dames gehelp met 'n naaldwerkkursus wat hulle bemagtig het om selfonderhoudend te wees.
- In die Helderbergarea is meer as 200 pakkies toiletware vir seuns ingesamel met die HelpJannie-projek.
- In Wellington en die Paarl is projekte oor persoonlike ontwikkeling aangebied om dogters te bemagtig.
- Die Wes-Kaap-streek is tydens die Ons Winkel-toekenningsaand as die Streek van die Jaar aangewys.

Die Wes-Kaap ondersteun behoeftige studente tans met 58 studiefondse ter waarde van R1,5 miljoen. Die Wes-Kaap se doelwitte vir 2021 was om vyf nuwe winkels te open, 200 ondersteuners te werf en studiehulp van ten minste R1 miljoen. Hierdie doelwitte is ten volle bereik.

Baie dankie aan almal by hoofkantoor vir julle ondersteuning. Ons bedank ook graag al ons vrywilligers wat op takvlak dien en ons donateurs en ondersteuners wat al die projekte moontlik maak. Laastens bedank ons graag al die Ons Winkel-kontrakteurs in die Wes-Kaap vir julle bydraes en ondersteuning.










# Oos-Kaap en KZN-suid

Ons streekspan het vanjaar uitgebrei met die aanstelling van Lize van Zyl as streek- maatskaplike werker. Die span bestaan dus uit Marlene Basson – streeksorganiseerder, Adele Wright – kliëntediensbeampte, Lize van Zyl, Marthie Maritz – maatskaplike hulpwerker (Durban) en Angelique Janse van Rensburg – maatskaplike hulpwerker (Suidkus).

Tot einde Desember 2021 het die streek bestaan uit twintig takke en agt dorpsverteenwoordigers. Daar is slegs een nuwe tak gestig in Lady Grey, en die Aliwal-Noord-tak het deel geword van die Oos-Kaap-streek. Daar is tans een Ons Plek en vyftien Ons Winkels in die streek, waarvan twee, naamlik Graaff-Reinet en Scottburgh, in 2021 geopen het.

Die takke het die volgende nasionale projekte ondersteun: Kosblikkie, Skooltassie, HelpHetta, HelpJag, Boesemvriendinne en Droomrokke. Hulle het ook ander mooi projekte aangepak soos Onderwysersbederfdag, Maatskaplike-werkersdag, Internasionale dag vir ouer persone, Kankerbewustheidsmaand, Braaidagkompetisies en nog vele meer.

Hoogtepunte uit die streek sluit onder andere in 'n HelpHetta-toer in die Oos-Kaap, die opening van 'n Ons Plek aan KwaZulu-Natal se Suidkus, die Bemagtig-'n-kind projek, 'n damestee, praatjies oor die Wet op Ouer Persone, 'n groentetuin, en 'n bydrae tot talle kinders se koshuis- en busvervoerfooie. Jeuglede het entoesiasties deelgeneem aan verskeie projekte. Tydens die KwaZulu-Natal-krisis in Mei 2021 is die waarde van strukture weereens bewys deurdat die takke en gemeenskappe wonderlik saamgewerk het om die nood te hanteer.



'n Totaal van 291 tak- en streekprojekte is deurgevoer en 18 studente is met 15 studiefondse ter waarde van R425 000 gehelp.

Die Oos-Kaap- en KZN-Suid-streek se doelwitte vir 2021 was om uit te brei in die Natal-area en om bestaande takke in KZN-Suid en die Oos-Kaap te versterk. Die doelwitte met uitbreiding is nie bereik nie, maar daar was verseker versterking van bestaande takke, ondersteuners en vrywilligers.

Ons is uiters dankbaar vir almal wat Helpende Hand so mooi ondersteun. Baie dankie vir alle donasies, hande en tyd wat aangebied is! Ons waardeer elke gebaar, maak nie saak hoe groot of hoe klein nie.









# Mpumalanga en KZN-Noord

Hierdie sonnige streek wat strek van Mpumalanga tot in KZN-noord bestaan uit 28 takke en het 14 dorpsverteenwoordigers, 'n Ons Spreekkamer, Ons Plek Volksrust Gemeenskapsentrum en 14 Ons Winkels.

In 2021 het ons gegroei met onder meer 8 nuwe takke, 6 nuwe dorpsverteenwoordigers en 3 nuwe winkels. Ons beoog ook om in 2022 nog drie winkels te open.

Met trots kan ons noem dat hierdie spogstreeksmense gedurende 2021 'n totaal van 326 projekte van stapel gestuur het.

Dit sluit **109 streekprojekte** in, insluitend Wil-om-te-Help, 'n Helpende Kerkeontbyt en talle Bemagtig-'n-kind-projekte waar hulp met koshuisinwoning en busvervoer gebied is. Sodoende is sterker netwerke ook gevorm met skoolhoofde,

leraars, maatskaplike instansies en ander hulpleweringsgroepe. Die Man-van-formaat-projek is begin en die streek het CMR Witbank ondervang en ses maande lank in samewerking met Ons Winkel Witbank ondersteun met finansiële bystand en bemarking.

Die onvoorsiene brandkrisis wat in KZN ontstaan het, het ons streek genoodsaak om 18 ton voedsel- en byprodukte na Richardsbaai en Vryheid te versend. Bykomende voorraad is van Hoofkantoor af per lugvrag na Ballito versend. Omdat sekere dorpe totaal van die buitewêreld afgesny was, is 'n besending medikasie en noodprodukte van Witbank af met 'n privaat vliegtuig na Melmoth in KZN gestuur. In ootmoed dank ons Hom dat ons in dié hartseer en spanningsvolle tydperk kon uitreik en sterker netwerke bou.

Ons Plek Volksrust het fenomenaal gegroei met 'n rekordgetal kinders, talle projekte en mooi suksesverhale.

Vanuit ons ondersteuningstakke is **217 takprojekte** in 2021 aangebied.

In 2021 het ons takke 217 takprojekte aangebied:

- Witbank het 463 komberse ingesamel tydens 'n winter-deurnag.
- Bethal en Pongola het gholfdae aangebied.
- Rayton, Secunda en Newcastle het Kersbederfies en 78 kospakkies vir Desember verskaf.
- Ladysmith het kinderhuiskinders bederf met 500 pannekoeke nadat hulle direkteur en vaderfiguur aan Covid oorlede is.
- Sabie het 'n Valentynsete vir bejaardes aangebied.
- Volksrust het die gemeenskap se gemoedere met 'n opkikkerfees herstel.
- Delmas het skoene ingesamel vir skoolmaatjies en hul pappas en mammas.
- Standerton het 'n kleurfeesmaraton gehou.

Studente en opleiding is die hartklop van die streek. 'n Bedrag van R2,2 miljoen is ingesamel en studielenings is vir 74 studente aangebied, waarvan 57 die geleentheid aangegryp het. Die streek se doelwit vir 2021 was om Solidariteit Helpende Hand se voetspoor met deernis en empatie te vestig en uit te brei. Hoewel dit 'n uitdagende jaar was, is ons trots op en verstom oor die groei wat ons beleef het ten opsigte van al die nuwe vennote en ondersteuningsgroepe.

Ons streek is dankbaar teenoor ons donateurs vir hulle skenkings in allerlei vorme: vleis, groente, piesangs en ander kos, noodprodukte, finansiële donasies van meer as R1,6 miljoen, strukture wat beskikbaar gestel is vir noodgebruik, en kundigheid en vaardighede wat aangebied is ter versterking, ondervanging en onderskraging van Helpende Hand-strukture en -personeel. Vanuit God se hand en deur middel van jul bydraes het in hart met krag tot hoop gestalte gevind in Mpumalanga en die KZN-Noord-streek.






# Vrystaat

Ná nog 'n genadejaar is dit aangenaam om terugvoer te gee oor wat hierdie jaar in die Vrystaat gebeur het. Ons sluit hierdie jaar af met 25 takke en dorpsverteenwoordigers. Ons het slegs twee nuwe takke gestig, naamlik Excelsior en Frankfort, en meer daarop gefokus om bestaande takke sterker te maak.

Vrystaat-vrywilligers is die beste! Die meeste takke het alle nasionale projekte ondersteun en die jaar lekker sterk afgesluit met die pak en verspreiding van 300 skooltassies vir volgende jaar. Die absolute hoogtepunt vir ons streek was die deelname aan die Boesemvriendinne-projek waar prosteses vir KANSA-pasiënte gebrei is.

Die projek is in 2020 by ons streekvergadering gebore en ons is baie trots op die vrywilligers wat landswyd prosteses gebrei het om tot die projek by te dra.

Ons streek was ook baie bevoorreg om deel te kon wees van die eerste groep tuisversorgers wat deur Helpende Hand en Gratia Via opgelei is. In ons streek het die opleiding in Bloemfontein plaasgevind, en 10 studente het hulle hiervoor ingeskryf. Ná die kursus van ses maande is twee van ons studente aangewys as onderskeidelik



die Student van die Jaar en die student wat die beste vordering getoon het. Die hoogtepunt was egter om te sien hoe die meeste van hierdie studente dadelik werk gekry het en besig is om vir hulle 'n mooi loopbaan te bou!

Projekte kan nie in randwaarde gemeet word nie maar omdat ons rentmeesters is van die fondse wat aan ons toevertrou word, gee ek graag ons syfers deur:

Totale tak- en streekprojekte: **398**
Totale waarde van hierdie projekte:
**R5 846 155**

Dit is ook vir ons 'n groot voorreg om **10** studente volgende jaar te help studeer met rentevrye studielenings ten bedrae van **R286 000.**

Hierdie jaar het ons vier nuwe Ons Winkels geopen en dit het 'n massiewe bydrae gelewer om ons hande sterk te maak!

Ons doelwit bly elke jaar dieselfde: om elke dag ons roeping uit te leef! Ons word bly oor suksesse en hartseer oor dinge wat nie uitwerk nie, maar ons mag nooit twyfel aan ons roeping nie!Ons is dankbaar teenoor elke vrywilliger en donateur wat hierdie jaar moontlik gemaak het. Ons kan dit nie sonder hulle doen nie.









## Noordwes

Die Noordwes-streek sluit die geografiese Noordwes in, met die uitsondering van die Platinum-belt rondom Rustenburg, wat deur Limpopo bedien word.

Die streek het 16 aktiewe punte van verteenwoordiging. Dit is twee minder as aan die begin van die jaar, aangesien Lichtenburg en Coligny tans dormante

takke is. Daar gaan in 2022 gewerk word om dié twee takke te heraktiveer en ook om by onbediende gebiede verteenwoordiging te bewerkstellig.

Koster ondersteun kinders om in die koshuis in te woon en help ander om die skoolbussie te kan bekostig. Zeerust ondersteun 'n hulpbehoewende bejaarde man met persoonlike benodigdhede. Viljoenskroon dra 'n beduidende bedrag maandeliks by om die koshuis van die plaaslike skool te ondersteun. Bothaville befonds 'n assistentonderwyser terwyl hy sy studie deeltyds voltooi. Die Koppies-tak help hulpbehoewendes om 'n groentetuinprojek te bedryf en het die hulp vanjaar uitgebrei om leiding te gee sodat 'n klein aandenkingswinkel tot stand gebring is.

Nasionale projekte word oor die algemeen goed ondersteun deur die meerderheid van die streek se takke. Dit sluit projekte in soos die Kosblikkie-, Skooltassie- en HelpHetta-, sowel as die HelpJag-projek. 'n Aantal kinders word ook deur die Bemagtig-'n-kind-projek gehelp.

Deur die loop van 2021 is 38 takprojekte ten bedrae van R170 000 onderneem. Daar is voorts 118 streekprojekte ten bedrae van R1,2 miljoen deur die streek onderneem.

Noordwes het die afgelope jaar vyf studente deur middel van drie studiefondse ondersteun met 'n bedrag van R130 000. 'n Mikpunt vir 2022 is om dormante studiefondse te herkapitaliseer om sodoende hierdie bedrag te verhoog.

Die streek het sy doelwit bereik, naamlik om te konsolideer, en is goed geposisioneer om verdere groei te bewerkstellig.

Die streek vind finansieel baat by die ondersteuning wat deur ses Ons Winkels gelewer word. Die winkel op Lichtenburg is vanjaar bygevoeg en Schweizer-Reneke open binnekort, wat die totaal op sewe te staan sal bring.

Noordwes bedank graag elke taklid en ondersteuner vir hul onbaatsugtige diens en die ondersteuning wat hulle lewer.





# Noord-Kaap

Dit is 'n voorreg om ná nog 'n geseënde en gespaarde jaar terugvoer te kan gee oor die verskillende aktiwiteite wat in die Noord-Kaap-streek plaasgevind het.

In April 2021 het die Noord-Kaap van Noordwes afgestig. Tans is daar vier takke in die streek, naamlik Jan Kempdorp, Hartswater, Kimberley en Upington. Vrywilligers, dorpsverteenwoordigers en ander netwerkkontakte is oral versprei en sluit onder andere die volgende twintig dorpe in: Hopetown, Strydenburg, Britstown, Victoria-Wes, De Aar, Lockston, Canarvon, Williston, Calvinia, Douglas, Postmasburg, Prieska, Kuruman, Kathu, Olifantshoek, Upington, Pofadder, Warrenton, Christiana en Springbok.

Alhoewel daar nie nuwe takke gestig is nie, is die netwerk van verhoudings versterk en ook uitgebrei. Die streek (takke en dorpsverteenwoordigers) het aan 37 projekte deelgeneem. Nasionale projekte sluit in HelpHetta, HelpJag, Boesemvriendinne, Skooltassies en Tekkies & Toks.

Dan was daar twee streekprojekte wat uitgestaan het en groot aftrek gekry het, naamlik die Onthou-projek vir bejaardes en As-ek-kan-kan-jy, wat aangebied is deur persone met gestremdhede ter bemagtiging van persone sonder gestremdhede.

Die Onthouprojek was 'n virtuele kompetisie wat vir ouetehuise in die streek gehou is. Hierdie tehuise kon in drie kategorieë meeding en die drie beste items in elke kategorie het 'n kontantprys gewen. Kategorieë het die sing van enige FAK-lied, die voordrag van 'n gedig en die vertel van 'n onthou-storie ingesluit. Wenners was vanuit Christiana, Kimberley, Upington, Douglas en Jan Kempdorp.

Die bemagtigingsprojek deur persone met gestremdhede kon nog nie in 2021 by skole uitgerol word nie, maar is wel aangebied tydens die jaarlikse streeksraadvergadering deur inwoners van Yonder in Kimberley. Die inwoners het ons gewys en geleer hoe om rottangwerk te doen, byvoorbeeld om mandjies te vleg. Daar was ook 'n kompetisie om te kyk wie se item eerste klaar was. Helpende Hand se eie Johan Nel het loshande gewen.

Die streek help tans twee studente met rentevrye studielenings. Ons is baie dankbaar dat ons in 2022 drie studente sal kan help met 'n totale bedrag van R98 603. Die versterking en stigting van nuwe gemeenskapstudiefondse sal in die komende jaar die grootste fokus geniet, aangesien dit die wesenlikste manier is om armoede te verbreek en voorkom.

Die streek is geseën met skenkings ter waarde van R639 385 aan ons Josef Silo. Daarmee kon ons 196 gesinne en 34 instansies bystaan. Hierdie bedrag weerspieël die statistiek vanaf April 2021, nadat die streek onafhanklik geword het. Een van die grootste skenkings was kospakkies vanaf Telesure. Die 31,5 ton kos is oor die grootste gedeelte van die provinsie onder geregistreerde instansies versprei, insluitend tehuise vir bejaardes, kinderhuise, gemeenskapsentrums, instansies wat omsien na persone met gestremdhede en kerke.

Meer as 6 000 km is afgelê deur ondersteuners en weldoeners van Helpende Hand om verspreiding moontlik te maak.

Twee nuwe Ons Winkels het oopgemaak in onderskeidelik Kimberley en Warrenton. Nog 'n kontrakteur is reeds vir Postmasburg goedgekeur, en hulle beoog om einde Januarie 2022 hulle deure te open. Besoek dus die Ons Winkel in jou naaste dorp of in Kimberley, Upington, Warrenton, Hopetown en binnekort Postmasburg om skenkings af te lewer en aankope te doen. Beplanning vir verdere winkels is ook een van die hooffokuspunte om sodoende die streekfonds te versterk wat ons weer in staat sal stel om gemeenskapsontwikkelingsprojekte aan te pak en nuwe streekspersoneel aan te stel.

Ons is besonder dankbaar teenoor elke donateur, skenker, vrywilliger, dorpsverteenwoordiger, taklid en instansie wat geen moeite ontsien het om in te spring en te help nie, ongeag die ure en afstande afgelê. Hulle het die verskil gemaak!






# Wes-Rand en Vaaldriehoek

Hierdie streek bestaan uit 11 takke. Een nuwe tak is in 2021 in Randfontein gestig. Die takke het nasionale projekte soos die Skooltassie, HelpHetta, Kosblikkie, HelpJag en Tekkies & Toks ondersteun.

Daar is net te veel hoogtepunte om te noem, maar die takprojekte wat uitgestaan het, was die volgende:

- Meyerton-tak ontvang 'n skenking van rekenaars en oorhandig dit aan 'n kinderhuis om die kinders te help met hulle huiswerk.
- Vereeniging-tak maak skryfbehoeftes bymekaar om aan om aan behoef-
- tige skoolkinders in hoër grade te skenk.
- Die Helpende Hand Motorfietsklub help om tassies in Randfontein uit te deel.
- Ebies-tak maak beertjies om aan dokters, susters en aptekers te oorhandig om dankie te sê vir hulle harde werk gedurende die pandemie.
- Krugersdorp hou 'n Kerspartytjie vir 150 kinders.

Die streek se hoogtepunte was:

- Ons vier 'n tannie se 100ste verjaarsdag saam met haar.
- Ons ontvang 500 komberse om onder meer in kleuterskole te versprei.
- Ons kry 'n nuwe maatskaplike werker en kliëntediensbeampte.
- Ons staan KZN by met 'n voedselskenking van amper R50 000.
- Ons neem deel aan die Gee-om-gee-aan-projek deur as streekspersoneel uit te reik na dokters se spreekkamers in Fochville en Randfontein waar ons 'n plantjie en sjokolade aan personeel oorhandig.
- Ons help studente finansieel sodat hulle in 2022 kan studeer.
- Ons help kinders met hulle vervoerkostes deur middel van Bemagtig-'n-kind.

Die streek het 150 projekte aangepak en stel tans vyf rentevrye studielenings beskikbaar.

Ons doelwit vir die jaar was om takke te versterk en weer positief te kry. Die jaar 2020 was baie erg vir die vrywilligers en die doel was om die vrywilligers weer hoop te gee. Dit was ook die streek se doel om sy eie maatskaplike werker en kiëntediensbestuurder te kry. Daar is begin om die streek skoon te maak om weer van voor af te bou en takke wat gestagneer het, is toegemaak en nuwe lede is gewerf. Vrywilligers het aan al hoe meer projekte begin deelneem en ook meer vergaderings begin hou.

Ons is nog nie waar ons moet wees nie, maar dit is baie beter as in 2020. Die streek het sy eie maatskaplike werker en kliëntediensbeampte gekry. Die skoonmaakproses het goed verloop. Die Wes-Rand-takke is baie sterker en daar is baie meer gewillige hande. In die jaar 2022 is dit die Vaaldriehoek se beurt.
Drie Ons Winkels is in die streek geopen, waarvoor ons baie dankbaar is.

Ek is baie dank verskuldig aan die span vir die wind onder my vlerke. Hulle is voorwaar gestuur om my as mens te versterk en daarvoor is ek baie dankbaar. Dit geld vir elke vrywilliger wat deur die jare al 'n pad saam met my stap en nog steeds bereid is om dit te doen. Die streek sou sonder hulle nie wees waar hy vandag is nie. Elke Ons Winkel-eienaar en -werknemer help om studente by te staan wat anders

nooit die geleentheid sou gehad het om te gaan studeer nie. Vrywilligers se harde werk word raakgesien. Die donateurs wat saam met ons 'n pad stap om 'n verskil te maak, se bydraes word opreg waardeer. Dit is die geval al ken ons mekaar nie noodwendig persoonlik nie. Ons waardeer ook die bydrae van Toyota Fanatics wat ons HelpJag-projek sonder ophou ondersteun. Hulle het gesorg dat elke Kosblikkie-skool en ouetehuis aan die Wes-Rand vleis kon bedien. Dankie ook aan Wes-Rand Helpende Hand Motorfietsklub MC vir hulle ondersteuning van projekte. Veral die kinders is mal oor hulle, maar ongelukkig gaan dit meer oor die motorfietse as enigiets anders. Ons bedank elke persoon wat van 2021 'n groot sukses gemaak het.







## Oos-Rand

Ons is dié jaar behoorlik gelemoen en genartjie danksy die wonderlike skenking wat Oos-Rand-streek ongeveer elke twee weke ontvang het. Dit het ons die geleentheid gegee om met 84 netwerkorganisasies verhoudings te bou. Ons het so baie gekry dat ons selfs met ons buurstreke, die Wes-Rand, Pretoria en Mpumalanga, kon deel. Ons is werklik baie geseën met die wonderlike donateur wat die Here op ons pad geplaas het. Ons kon binne 'n kwessie van agt maande R1,2 miljoen se vrugte op die Oos-Rand versprei.

Helpende Hand se bestuur was ons ook genadig en het ons toegelaat om ons eie waentjie vir die Oos-Rand te koop, wat 'n reuseverskil maak met die uitdeel van ons donasies.

Twee ander groot donateurs wat ons gehelp het om ons streek uit te bou, is Bum-ble B Room en Rehidrate. Rehidrate kan ook in tehuise gebruik word vir bedsere en ontwatering. Die donasie was ter waarde van R141 000. Bevrore groente met 'n waarde van R50 000 het ook na ons tehuise gegaan. Ons Kersfeesprojek wat deur ons Springs-voorsitter, Martie de Villiers, gereël is, was werklik 'n baie groot hoogtepunt vir die Oos-Rand-streek. Die donasie ter waarde van R515 000 het beteken dat ons vir 900 bejaardes 'n Kersgeskenk kon gee wat baie trane van dankbaarheid meegebring het. Die vreugde wat die projek gebring het, kan nie in woorde beskryf word nie.

Die volgende projekte is aangepak:

- Seniors-in-aksie-opleiding by ons Helpende Hand-takke
- Die eerste amptelike melktertkompetisie in die Oos-Rand-streek onder ons ouetehuise
- Ons eie HelpHendrik-projek in Heidelberg waartydens skeersakkies aan behoeftige seuns gegee is en hulle geleer is hoe om te skeer

Heidelberg-taklede doen saam met ons maatskaplike werker gemeenskapsbesoeke en ervaar vir die eerste keer die krag van 'n gemeenskap. Ons werk saam met kerke, skuilings, kinderbeskermingsorganisasies en begin 'n gemeenskapsgroepie.

Ons werk saam met 'n kleuterskool in Kemptonpark en maak Kabouterpaleis mooi, betrek die gemeenskap om bome te saag, mure af te skuur en bande te bou. Werk word geskep deur die bome se hout te verkoop en gesinne kry 'n inkomste daaruit. Die Oos-Rand-streek word deel van Kabouterpaleis se beheerliggaam. Ons droom om op die Oos-Rand 'n Ons Plek te open, sal vroeg in 2022 bewaarheid word. Die Gemeenskapsontwikkelingvraelysdag was 'n groot sukses en daarmee saam hou ons 'n gemeenskapsvergadering in Brakpan. Die Springs-tak word herstig en 'n nuwe gees, nuwe projekte en 'n beter gemeenskap is die gevolg.

Ons open vyf nuwe Ons Winkels op die Oos-Rand: een elk in Edenvale, Nigel en Springs, en ons twee topwinkels in Kemptonpark. Ons verwelkom nuwe lede in ons Oos-Rand-span, naamlik die Oos-Rand-karakters Hetta Haas, Tassie Tier, Bakkies Beer en Aap. Ons Oos-Rand-karakters het by ons laaste winkelopeninge vir groot vermaaklikheid gesorg en gaan 'n groot rol speel in ons Ons Winkel-kompetisie wat vroeg in die nuwe jaar afskop.

Ons het begin met 'n nuwe area, 'n nuwe span, nuwe ondersteuners en moes selfs 'n tak toemaak, maar ons is onbeskryflik dankbaar om deel te wees van 'n organisasie soos Helpende Hand. Ons sluit ons jaar met groot trots af met ons eie streekorganiseerder, ons eie maatskaplike werkster en ons eie kliëntediensbeampte. Ons moes eers ons voete vind en ons is trots op wat ons gedurende die jaar as 'n span kon bereik. Ons sou dit nie sonder elke ondersteuner, voorsitter, taklid, lid van Helpende Hand-bestuur, kollega en donateur se bystand kon doen nie, en daarvoor is ons innig dankbaar.

Ons het in 2021 altesaam 215 projekte onderneem. Ons statistiek is soos volg:

- 920 tassies is uitgedeel aan graad R- en graad 1-leerlinge.
- 1 118 paar tekkies en toks is uitgedeel in skole en tehuise vir gestremdes.
- HelpHetta-produkte en HelpJag-vleis is uitgedeel.
- Gesinne is voorsien van kospakkies ter waarde van R850 000.
- Vrugte en groente ter waarde van ongeveer R1,2 miljoen is aan organisasies en gesinne uitgedeel.

Dit is net met die Here se genade dat ons kan doen wat ons doen en ons is innig dankbaar daarvoor. Ons sien baie uit na 2022 en ons doel is om ons streek uit te bou en soveel gemeenskapswerk as moontlik te doen.




















# Pretoria

Helpende Hand Pretoria-streek het tans 13 vrywilligergedrewe takke, 'n Ons Plek in Derdepoort, 'n Ons Sentrum in Pretoria-Noord en vyf Ons Winkels, waarvan drie aan die streek gekoppel is en twee aan Ons Plek Derdepoort.

Van die vyf Ons Winkels was vier onder die toptien Ons Winkels landwyd.

In 2021 het Helpende Hand eiendom in Pretoria-Noord gekoop om as 'n gemeenskapsentrum te dien. Ons kon by die nuwe gemeenskapsentrum agt tuisversorgers oplei, leierskap-ontwikkeling aan 14 graad-sewe-seuns bied en verskeie voorsittersvergaderings asook 'n Noord van die Berg-forumvergadering hou.

Die streek het tans agt gemeenskapstudiefondse en het 15 studente gehelp met 'n totale bedrag van R636 350.

Al die nasionale projekte is sover moontlik deur die streek ondersteun. Ses takke het projekte vir bejaardes aangepak, nege takke het deelgeneem aan die Skooltassieprojek, vier takke was betrokke by die Kosblikkieprojek en vier takke by HelpHetta.

Die Ons Tuin-projek is verder uitgebrei met goeie mediablootstelling op TV en radioplatforms. Daar is 'n Ons Tuin by een van die pleeghuise begin, 'n klein Ons Tuin by Ons Gemeenskapsentrum, groter Ons Tuine in die Apiesrivier- en Roodeplaatomgewing en kleiner Ons Tuine by verskeie ouetehuise. Die Ons Tuin-projek het homself al bewys as 'n volhoubare projek met groot moontlikhede vir uitbreiding. Die eerste leierskapontwikkelingskursus wat vir graad-sewe-seuns aangebied is, was 'n reusesukses, en die terugvoer was oorweldigend. Ons sien daarna uit om vier leierskapontwikkelingskursusse vir verskillende grade in 2022 aan te bied.

Altesaam 37 persone is in die Pretoriastreek opgelei by die Seniors-in-aksiewerkswinkel.

Die streek se doelwit was om die takke en netwerkvennote te versterk en die takke sover moontlik te help om te normaliseer. Ons doelwit is bereik en dit kan gesien word aan die afname in persone wat bygestaan moet word en die hoeveelheid organisasies se hande wat versterk is. Baie sterk bande is met GROOTfm gesmee en 'n goeie samewerkingsooreenkoms is gesluit.

Elke personeellid van die streek en die hele bestuur van Helpende Hand moet vir die ondersteuning en harde werk bedank word. Dank is ook verskuldig aan elke vrywilliger wat ander in nood bygestaan het. Die grootste dank gaan aan ons Hemelse Vader wat ons nog 'n jaar gespaar het en die krag gegee het om te doen wat gedoen moet word.



# Pretoria-Oos

Die jaar 2021 was vol uitdagings vir ons almal. Ten spyte van die Covid-19-pandemie het die Pretoria-Oos-streek voortgegaan om die gemeenskap te dien. Pretoria-Oos het die volgende nasionale projekte ondersteun: Skooltassie, HelpHetta, Boesemvriendinne en Bejaardes.

Die volgende projekte was die hoogtepunte van die jaar: 'n Paaseierrit, Cappuccino's-tak se Jeugwelstandsprojek, die Pretoria-Oos Hoopdraers-tak se fondsinsamelingsprojek, die Boesemvriendinne-projek en die Nuwe-Begin-projek.

'n Totaal van **120 streekprojekte** het **R759 873 opgelewer**.

'n Totaal van **41 takprojekte** het **R316 079 opgelewer.**

Daar is een studiefonds by elk van die drie takke in die Pretoria-Oos-streek. Hierdie jaar kon die Pretoria-Oos-streek 24 studente help met rentevrye studielenings.

Ons doelwitte vir die jaar was om die huidige takke te versterk, studiefondse te versterk, en die Ons Winkel Pretoria-Oos te bemark.



Ons kon van die takke versterk met die werwing van vrywilligers/ondersteuners. Die studiefondse kon ook in hierdie tyd versterk word deur fondsinsamelings-projekte te hou. Die Ons Winkel Pretoria-Oos is geseën met skenkings wat ingekom het danksy die bemarking wat ons gedoen het.

Ons is dankbaar vir al die vrywilligers, ondersteuners en donateurs wat te midde van die Covid-19-pandemie positief gebly het. Sonder hul passie, deelname en bydraes sou ons nie suksesvol kon wees nie!

Die span se betrokkenheid by Solidariteit Helpende Hand Pretoria-Oos-streek word ook diep waardeer. Saam is 'n groot verskil in ons gemeenskap gemaak en is hoop versprei.

Ons het die Christelike plig om te doen wat ons doen. In Handelinge 20:35 staan: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."






# Sentraal

Sentraal-streek is 'n nuwe streek wat in Julie 2021 gestig is.

Daar is tans drie takke in die streek, waarvan die Centurion-tak die makrotak is wat die grootste impak in die streek het en 'n groot verskil in die gemeenskap teweeg bring.

Ons is tans besig om'n tak in Midrand en een in die Wierdapark/Eldoraigne-omgewing te vestig. Dit behoort in die eerste deel van 2022 gefinaliseer te word.

Sentraal-streek het die volgende nasionale projekte ondersteun: HelpJag, HelpHetta, StopHonger, Bemagtig-'n-kind en Seniors-in-aksie.

Die eerste noemenswaardige streekprojek is sekerlik die Nasionale Gemeenskapsanalise waar die streek die meeste sukses behaal het deur as nasionale wenners gekroon te word. Die Sing, Hoop, Weerklink-konsert is saam met hoofkantoor aangebied en die Danville-tannies se bederfdag saam met die nasionale motorfietsklub. Verskeie verligtingsprojekte is van stapel gestuur, veral in die Danville-area, en Denel-personeel is ondersteun.

Die Centurion-tak is geweldig aktief en het verskeie projekte ondersteun, insluitend die Annabel-dogters, Simon-seuns, Huis Gideon, Huis Dagbreek, Gesinne in nood, In His Honour-kinderhuis, Agape Bere en die handsak-projek.

Daar is in totaal 15 Nasionale en plaaslike projekte aangepak in hierdie nuwe streek.

As gevolg van die feit dat die streek nuut is en geen inkomstestroom gehad het nie, is geen beurse in die streek beskikbaar gestel nie maar drie studente is wel gehelp met studielenings uit die Centurion-tak.

Die aanvanklike hoofdoelwit was die bou van sterk netwerke in die streek tussen skole, kerke, instansies en individue. 'n Sekondêre fokus was die vestiging van nuwe takke.






Die hoofdoelwit is na ons mening met groot sukses bereik aangesien daar baie interaksie en samewerking was van al die netwerkvennote met wie ons skakel. Dit was ook duidelik in die nasionale gemeenskapsanalise. Daar was wel 'n paar uitdagings met die vestiging van nuwe takke.

Buiten die vlagskipwinkel in Centurion is ons bevoorreg dat Ons Winkel Centurion-Wes in Desember sy deure oopgemaak het en in die eerste maand reeds uiters suksesvol was deur te vorder tot die derdebeste winkel in die land.

Die streekpersoneellede Lize-Mari Buys en Claudette Engelbrecht wat toegewyd die belange van die streek en Helpende Hand op die hart dra, moet bedank word. Ons is ook baie dankbaar vir die ondersteuning wat ons op verskeie gebiede vanaf hoofkantoor en die bestuur ontvang en vir die vertroue wat in ons geplaas word.



# Limpopo

Die streek bestaan tans uit 15 takke en ons het vier dorpsverteenwoordigers. Ons het twee takke herstig, naamlik Naboomspruit en Northam.

Ons takke het weereens al die nasionale projekte met groot ywer ondersteun. Ons is opgewonde om veral projekte saam met die FroueVonds in 2022 uit te brei.

Daar is te veel hoogtepunte en sukses-verhale om te deel, maar elkeen van hierdie prestasies en die opwindende verskil wat gemaak is, het te doen met die feit dat Carol Ankiewicz (maatskaplike werker) en Heléne Schoeman (winkel-koördineerder) by ons streek aangesluit het.

Hulle teenwoordigheid het nie ons kapasiteit vergroot nie, maar hulle het waarlik deel van die Limpopo-familie geword en sommer diep in ons harte gekruip terwyl hulle ons gehelp het om 'n verskil te maak en te bly groei te midde van uitdagende omstandighede.

Inperkingsregulasies het ons weereens gedwing om skeppend te dink en ons kreatiwiteit selfs meer in te span, maar ons is steeds trots op die groei wat in die streek plaasgevind het en ons vrywilligers se moraal wat weer verbeter het en plek maak vir nuwe hoop vir die volgende jaar. Die nasionale projekte uitgesluit het ons altesaam 181 tak- en streekprojekte aangepak ter waarde van bykans R2 miljoen. Limpopo het tans 12 studie-fondse in die streek.

Ons doelwit was om sterk te staan ten spyte van onsekerheid en uitdagings, om steeds 'n verskil te maak en ons passie uit te leef al het ons ook met tye moeg en moedeloos geraak. Ons het besef dat ons nie die "luuksheid" het om op te gee of te gaan lê nie. Ons het geweet dat ons nuwe planne en nuwe idees moes kry, want ons gemeenskappe het ons nodig.

Die groei wat oor die hele streek plaasgevind het, was hartroerend en bemoedigend. Dit is ongelooflik om te sien wat ons onder moeilike omstandighede bereik het, en dit maak ons selfs meer opgewonde oor wat in 2022 vir ons voorlê. Ons vrywilligers se nuwe energie en kameraadskap is kosbaar om te beleef. Drie nuwe Ons Winkels is in die streek geopen.

Die grootste dankie gaan aan ons Hemelse Vader wat ons styf vashou en ons lei. Ons is dankbaar vir 'n organisasie wat groot en sterk agter ons staan en ons die moed gee om onbekende en (dikwels) vreesaanjaende situasies aan te durf. Ons staan nederig voor ons vrywilligers wat werklik in die "loopgraaf" is en wat nooit net opgee nie maar hul passie bly uitleef. Sonder hulle is ons niks nie.







# 'n Gebed vir ons beweging

**O Here, ons Here**

Ons kom as 'n beweging voor U in nederige afhanklikheid, bewus van ons eie swakheid, nietigheid en gebrokenheid. Ons is eintlik maar stukkende erdekruike, maar erdekruike waaruit die lig van die verlossing van Christus skyn. Juis in ons swakheid nader ons in gebed tot U, buig ons die knie voor U, die almagtige, ewige, onbegryplike God van hemel en aarde.

Ons bely daar is 'n troon in die hemel en Een wat op die troon sit. Dit is die troon van ons Here Jesus Christus, en juis omdat ons nie aan sy Koningskap twyfel nie, vra ons U om aan elke instelling van hierdie beweging die geloof en krag te gee om in voorspoed dankbaar te wees, en om in teenspoed geduldig te bly en 'n vaste vertroue te hê op U wat oor alles en almal beskik.

**En dan bid ons, o Vader:**

Gee aan **SOLIDARITEIT** die vermoë om 'n netwerk van werksgeleenthede te vestig, en om werksplekke sterk te maak en uit te brei sodat die negatiewe bestry en die positiewe bevorder kan word. Ons bid dat U seën op die arbeid van ons mense sal rus.

Gee aan **KANTON** die gawes, middele en vermoëns om vir ons leefruimtes te bou: leefruimtes in die moedertaal wat U aan ons gegee het; leefruimtes wat ons sal sterk maak en hoop en verwagtinge gee vir die toekoms.

Gee aan ons **SKOLEONDERSTEUNINGSENTRUM (SOS)** die skranderheid, wysheid en insig om nuut en kreatief te dink hoe om onderwysers en kinders op te lei en toe te rus volgens die vermoë wat U aan hulle gegee het sodat ook die geslagte wat kom sal bely dat kennis begin met die dien van die Here.

O Here, laat **AFRIFORUM** en al sy **AFFILIALE** ter wille van ons almal veg en bou met die swaard van geregtigheid in die een hand en die troffel van vooruitgang in die ander sodat ons almal veilig kan wees en voel in die land wat U aan ons gegee het.

U Woord leer ons: "Aan die skryf van baie boekrolle kom daar geen einde nie, ..." (Prediker 12:12 (AFR20)), daarom is ons bede dat U deur **KRAAL** boeke in ons eie taal aan ons mense sal voorsien – boeke wat U tot eer is, wat van die grootheid van U werke onder ons voorgeslagte vertel, en wat ons roeping en die uitdagings van ons tyd in hedendaagse terme kan verwoord.

Maak **MAROELA MEDIA** 'n pen wat vaardig, gebalanseerd en betroubaar skryf. Dit is SO nodig in die tyd waarin ons leef. Laat hul vertel en deel wat ons almal moet weet op 'n wyse wat U grootheid sigbaar maak in goeie en in slegte nuus.

Verskaf wat nodig is aan almal by **HELPENDE HAND**, o Vader, om die voorspoed van ons mense te verseker. Gee ons die daaglikse brood – alles wat na liggaam en siel nodig mag wees – sodat ons ons kwesbare groepe met ons kan saamneem. Maak ruimte in ons harte vir die armes, gestremdes, bejaardes, swakkes en kwesbare gesinne sodat ons hulle nie agterlaat wanneer ons vooruitgaan nie. Seën elke hand, **ONS WINKEL** en donateur deur wie U voorsien. Hou ons hande in U hand.

Gebruik **AKADEMIA** in u diens sodat ons jongmense onderrig kan ontvang en studeer, sodat hulle toegerus die toekoms kan tegemoetgaan en altyd bely: "Van al wat leef, is U die Bron;

...” (VGK Psalms en Skrifberymings, Psalm 36). Mag die ryke erfenis van ons verlede en die moontlikhede van die toekoms altyd ontsluit word deur ons studente se opvoeding en gawes.

Laat **SOL-TECH** ‘n baken van hoop wees in hierdie land. Soveel seëninge en genade het U reeds vir ons almal deur Sol-Tech gegee. Laat elke hand van opleiding kragtig bou aan die toekoms van ons mense in hierdie land – harde, roepingsbewuste, getroue hande wat met ywer diensbaar is.

Here, laat die talente en gawes deur ons **FINANSIëLE DIENSTE** vermeerder word. Gee dat dit sorgvuldig beheer en getrou na omgesien word sodat ons hele beweging goeie en getroue rentmeesters kan wees van dit wat aan ons toevertrou is.

Leer ook ons jonges bou en werk, versorg en omgee deur die opleiding van **BO-KAROO** sodat elkeen roepingsgedrewe die arbeidsmark kan betree.

Gee Deur die **FAK** aan ons ‘n toekomsgerigte kultuurtuiste. Bewaar wat vir ons kosbaar is, en laat ons nie u werke deur al die eeue vergeet nie. Laat ons geestelike en kulturele erfenis vir ons kosbaar bly, en laat die erwe van ons vaders vir ons kinders erwe bly (aangepas uit: Die stem van Suid-Afrika).

Ons dank U vir die werk van **SAAI** en bid ook vir ons boere; hulle lê so na aan ons hart. Wat ‘n geweldige taak het U nie aan SAAI opgedra nie. Gee hulle die vermoë, Here, om die regte dinge op die regte tye te doen. Maak hulle sterk om ons boere en hulle gesinne sterk te maak, want ons weet deur ons boere voorsien U aan ons almal.

Deur u genade het ons beweging soveel **VRIENDE**. Ons bring hulle een vir een voor U en bid om U genade vir elkeen van hulle.

En as dit in u raadsplan so beplan is, laat ons help om **ORANIA** uit te bou tot ‘n stad wat U sal dien en vrees. Laat die bouwerk U tot eer wees.

MAAR as U “die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou ...” (Psalm 127:1 (AFR53)). Daarom vra ons dat U al ons instellings deur **BEGROND** op u Woord en u Woord alleen sal leer bou. Here, leer ons u regte weë.

Neem die **LEIERS** van ons beweging in u hand en lei hulle sodat hulle na U sal kyk vir leiding en rigting, vir koers en genade. Maak hulle sterk deur U Gees wat in hulle woon en werk.

**O Vader in die hemel**
**Eben-Haeser – tot hier het U ons gedra**
**Immanuel – U is met ons**
**Maranata – ons Koning kom!**

As dit in u raadsplan so beskik is, maak ons vry, veilig en voorspoedig in hierdie land tot U kom.

In die naam van Jesus Christus bid ons al hierdie dinge.
Amen

**Hannes Noëth**
**Uitvoerende Direkteur Solidariteit Helpende Hand**
**‘n Gebed vir ons beweging**

# Dankie 2021



3 000 skooltassies met skryfbehoeftes aan 3 000 graadeenleerlinge gegee



1 127 instansies met voedsel gehelp



3 000 dames maandeliks met sanitêre ware gehelp



4 264 gesinne met voedsel gehelp



8 000 kleuters elke dag van 'n bord kos voorsien



206 Helpende Hand-takke landwyd



31,5 ton wildsvleis ingesamel



866 meisies en 633 seuns word tydens die #HelpHetta-toer bereik



R50 miljoen beskikbaar gestel om studente se studies moontlik te maak



Jaarlikse Die wil om te help- professionele opleidingsgeleentheid in vier streke aangebied



R37,8 miljoen vir die Solidariteit Krisisfonds ingesamel



1 500 gebreide borsprosteses ingesamel




110 Ons Winkels landwyd gevestig



1 466 gesinne en individue geassesseer en deur maatskaplike werkers ondersteun



17 662 navrae in maatskaplike afdeling hanteer



Studiefonds vir landbou- en natuurbewaringstudente gestig



Studiefonds vir persone met gestremdhede gestig



75 opleidingsessies aangebied



19 streeksvergaderings bygewoon



116 meisies ontvang daagliks geestelike en emosionele pitkos deur die #HelpHetta-WhatsApp-lyn



904 matriekafskeidrokke met die #DROOMROKKE-inisiatief ingesamel



121 vrywilligers reeds vir die Seniors-in-aksie-projek opgelei



1 terapeutiese sentrum



4 Ons Plekke – gemeenskapsentrums



63 tweedehandse gehoorapparate vir behoeftige seniors ingesamel



28 katarakte is verwyder



17 tuisversorgingstudente is opgelei



1ste SING, HOOP, WEERKLINK-konsert vir en saam met persone met gestremdhede gehou



1ste Orania Werk en Welstand Week gehou



340 takvergaderings bygewoon



3 600 pare tekkies/toks ingesamel



1ste Omgee-mark gehou



15 200 mense vul die gemeenskapsvraelys vir Solidariteit Helpende Hand-navorsing in

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING



012 111 8360
diens@helpendehand.co.za
www.helpendehand.co.za